Konferensie Met God

. . . hees. Ons het so 'n wonderlike tyd gehad hierdie week. Dit was vir my 'n groot week van seëninge gewees. En ek is seker dit was ook vir julle, baie van julle hier. Baie het die Heilige Gees ontvang. Dit was ons doel in hierdie byeenkoms. En waarom ons dit nie geadverteer het nie, uitermate nie, was vanweë—vanweë geen plek om die mense te laat sit nie. Sien? Ons het net . . . Aand na aand gaan die mense net weg, dis ons plaaslike mense. En ons het dit net hieronder ons mense genoem.

2 En wat die bydrae netnou vir die mandjies betref, dit was vir ons plaaslike mense bedoel. Hoe . . . Dis ons kerk se ding. Dis ons gewone Sondagskool. Sien? En hulle . . . Natuurlik, as enigeen op daardie wyse wou help, sal ons—sal ons verseker dat dit na die behoeftiges geneem word. Ons het families, in die stad, wat niks het vir Kersfees nie, niks sal hê nie. Hulle maak op hierdie kerk staat. En so, op dié manier, wel, dit sal—dit sal vir daardie doel gaan. Een van die diakens, sê net vir hulle waarvoor dit is, of my suster daaragter sal dit neem.

3 Nou, ek hoor ons het reeds doopdiens gehad vanoggend. Hulle het my soort van voorgespring daarmee, het hulle nie? Wel, dan, sal ons net vanaand nog een hê, so, dan, twee van hulle hê. So ons veronderstel . . . Of, ten minste, die bad sal volgemaak word, want onmiddellik na die diens, vanaand, sal daar nog 'n doopdiens wees.

4 En sommige van hulle, het hulle gesê, sal gedoop moet word. So, Billy het aangehardloop gekom, 'n paar minute gelede, en vir my vertel, gesê: "Moenie dadelik kom nie, omdat Broer Neville eers moet doop." En het gesê: "Daar is baie mense daar wat dadelik moes gaan. En hulle was nie seker of ons vanoggend doop sou hê nie."

5 Onthou, hierdie bad is altyd oop. Altyd, enige tyd, enige uur van die dag of nag, gereed vir doop. Ander predikers kom hier in, gebruik hierdie bad om in te doop, so ons is baie bly daaroor.

6 Hier 'n ruk gelede, die Park Metodiste kerk, ek was daarheen gewees om 'n preekdiens te—te lewer. En die lieflike broer het gesê: "Ek is die ander dag oorkant na Broer Branham s'n toe, om daardie—daardie . . . te gebruik." Het gesê: "Wat noem julle daardie ding?"

7 Ek het gesê: "Dit sal vir 'n Metodis swaar wees om 'Doopbad' te sê." Hulle het 'n klein bakkie daar gehad, waarin hulle besprinkel, weet julle, net 'n klein dingetjie wat daarop rus. Ek het gesê: "Dis 'n te moeilike woord vir 'n Metodis om te sê, 'Doopbad'", het ek gesê.

8 Hy het gesê: "Ons sal daarvan hou om een van hulle hier rond te hê. Ek glo soort van daarin."

9 So, onthou, die Metodis, die Baptis, die Presbiteriaan, enigiemand wat dit wil gebruik, daar is dit. Dis oop, water is vrylik.

10 En ons het 'n klein stok, soort van 'n warm stokkie wat ons daarin sit, om dit te probeer verwarm. Maar, ek sê vir julle nou, dit verwarm dit nie. Dis die koudste water wat ek ooit in my lewe gevoel het. En ek het gedoop, baie maal, waar ek my voet moes vat en die ys stroom op moes skop, *so*, om hulle te doop. En dan huis toe loop, probeer loop na waar ek moes oorbly, om my klere uit te trek. En my klere het aan my gevries, soos ek loop. Ek kon net skaars my treë gee, my broekspyp was sommer solied, soos ek my treë gee. En dit was nie so koud soos dié nie. Dis die koudste water wat ek ooit in my lewe gesien het. Ek het net nooit water soos dié gesien nie.

11 Broer Kelley, dit vries my byna dood, elke slag as ek daarin kom. En so na . . . [Suster Kelley sê: "As jy goed voel, doen dit dit nie."—Red.] Dis reg. As jy goed voel, doen dit dit nie. Suster Kelley sê: "As jy goed voel, doen dit dit nie."

12 Ons is gelukkig oor hierdie gelukkige groep mense, gemeng hier, van alle verskillende soorte denominasies. Dis net God se kinders wat saamgegooi is. Daar's mense hierbinne wat Metodis is, Baptis, Nasareens, Pelgrim Heiligheid, Katoliek, Jehovas-Getuie, Christen Wetenskap, Pinkster, alles saamgegooi.

13 [Iemand sê: "Selfs 'n Jood."—Red.] Selfs 'n Jood. Loof die Here daarvoor. Dankie. Ons is baie bly oor die Jood. Ja, meneer. As dit—as dit nie vir die Jood was nie, weet ek nie waar ons sou gewees het nie. Dis reg. Nou, dis baie mooi.

14 Dis hoe die Hemel gaan wees, presies, want die Hemel gaan versamel word uit alle verskillende denominasies. En dis daarom dat ons saam sit in Hemelse plekke.

15 Nou, Doc, dit was 'n bietjie sielkunde. Ek weet dit was. Hy . . . Ek was nie naby genoeg daaraan nie. Is net 'n bietjie hees, vanmôre, sal dit in tweede rat kom, na 'n rukkie, en op dreef kom, weet julle, wanneer ek op dreef kom, glo ek.

16 Nou, ek het gisteraand 'n paar vrae gekry wat nog op die byeenkoms betrekking het. As die Here wil, sal ek hulle sommer gou beantwoord, vanaand, voor ons die—die gewone preekdiens het, vanaand. En so—so kom verseker vanaand, as julle moontlik kan. En as die Here wil, wil ek oor 'n baie lewensbelangrike onderwerp preek, van die afsluiting van die herlewing vanaand, so ver ons kennis strek, tensy die Heilige Gees verder sou lei.

17 Baie van julle, natuurlik, sal vandag na jul huise moet teruggaan, of miskien na hierdie diens vanoggend. Ons wil sê ons waardeer julle, soveel. En ons wil julle 'n Geseënde Kersfees

toewens en die beste vir die Nuwe Jaar. God sy met julle en gee julle nuwe dinge, meer van die nuwe Lewe wat julle soek en na smag. Dis wat ek self doen, is smag na meer van God.

18 Daar's verskeie ander vrae. Daar's. . . Ek het pas 'n paar in die kamer gekry, netnou, wat hulle my gegee het. En een of ander broer het my seun gisteraand 'n paar vrae gegee. En ek het nie 'n kans gekry om by hulle uit te kom nie, want ek het hulle sommer in my sak gesteek, en dit was so laat.

19 En sommige van hulle verwys weer terug na daardie Matth. . . of Hebreërs 6:4. Suster Mammie het pas gesê 'n paar minute gelede, dat sy so bly is om dit in die hande te kry, want sy het dieselfde vraag gevra, 'n ruk gelede. Dis 'n baie, baie treffende ding. Maar ek is seker almal van julle het dit gesnap, wat dit was. Ek hoop julle het. Dis nie 'n Christen wat met die Gees vervul is nie.

20 Nou as julle na Hebreërs 10 sal gaan, sal julle sien dat Hy daar sê, dis verskillend, dan neem Hy die onvergeeflike sonde na die Christen, maar, hierdie, na die vervulde persoon.

21 Maar dit is 'n persoon wat 'n grensgeval gelowige is wat net geproe het. Ons het hulle in alle kerke. Kom net kerk toe, en, o, hulle waardeer wat die Here doen, maar hulle sal nooit daarin inbeweeg nie. Hulle waardeer dit om te sien iemand word genees, maar hulle sal nooit die poging aanwend om uit te gaan en vir die siekes te bid nie, en die hospitaal te besoek, of iets wat reg is te doen nie, sien, op dié manier. Julle het daardie soort gesien. Hulle het geproe. Hulle het gesien. Net soos ek gesê het, die Kains, Kanaäniete, of. . .

22 Die Israeliete, toe hulle Kanaän genader het, het hulle amper ingegaan. Hulle het daar gegaan, ver genoeg om die smaak te kry van vrugte van die land, maar hulle het gesê: "O, ons is—ons is nie in staat nie. Ons—ons kan dit nie doen nie." Maar Josua en Kaleb het geweet hulle kon dit doen, want hulle het God se belofte gehad.

23 En dis waaroor Paulus probeer praat het, verwys terug na hulle wat naby tot Dit gekom het, so naby, maar hulle wil nie self hul hand Daarop sit nie. Sien? Hulle sê: "O, ek—ek gaan kerk toe, daardie kerke. Ek gaan na—na 'n heiligheidskerk, Pinksterkerk. Ek gaan *hiernatoe*.

"Maar het jy die Heilige Gees ontvang sedert jy geglo het?"

"O, nee. Ek het dit net nog nie gedoen nie." Sien? Daar het jy dit.

24 Maar 'n ware gelowige kan nie rus voor hy Daarin is nie. Hy moet net Daarin kom. Sien?

25 Net soort van 'n—'n grensgeval, nou, dis die persoon waarvan Paulus praat.

26 In elk geval, nou, vanmôre, dis ’n gewone Evangelieboodskap vanmôre, as die Here wil, het my genoeg stem gegee.

27 So ek dink dis die aankondigings. Ek is nie seker nie, maar ek dink dit is, so ver my kennis strek. En Broer Neville het die res daarvan gedoen.

28 Ek wil hê julle moet almal weet, as julle ooit hierlangs kom . . . Julle wat nou moet huis toe gaan, en nie vir die aanddiens kan bly nie, ek wil hê julle moet weet. As julle ooit hierlangs kom, enige tyd, ek hoop dit is so, kom aan en luister na ons pastoor. Ons het ’n ware pastoor by hierdie tabernakel, Broer Orman Neville. Ek sê dit nie omdat hy hier sit nie. Ek ken hom al jare. En hy het nooit verander nie, nie die minste nie. Hy is steeds Orman Neville, ’n dienskneg van die Here. Julle kan op hom staatmaak. Net so lojaal, getrou, ’n wonderlike prediker. Ek sit daaragter . . .

29 En ek het predikers die wêreld oor gehoor preek. Maar soms preek hy dinge wat my net verstom, ek sê vir julle, jou net wegvoer, in—in daardie klein dingetjies wat hy gebruik. Ek sê vir julle, elke keer wat ek kom, bring ek . . . ek kry omtrent vyftien tekste uit sy preek, as ek—as ek kom, dit neerskryf. Tuis gekom: “O, goeiste, sal dit nie ’n boodskap uitmaak nie! O, goeiste, sal dit nie ’n boodskap uitmaak nie!” En skryf dit net neer.

30 So kom aan en luister na ons Broer Neville, en assosieer met ons mense. Hulle is arm mense, regtig arm. Maar hulle het die Here lief, en hulle sal julle liefhê. En so is ons bly julle was by ons, en bid dat God julle sal seën.

31 Nou laat ons net ’n oomblik ons hoofde buig voor ons die Woord nader.

32 Genadige Here, ons kom nou net so eerbiedig as wat ons weet hoe om te kom. Ons kom in die Naam van Jesus, in die geloof dat U ons beloof het, deur Hom, dat U enigiets sal verhoor wat ons U sou vra in Sy Naam. En ons bid, God, dat U dit vanmôre hier aan ons ’n besoek sal maak.

33 Ons wil U uit die dieptes van ons hart bedank, vir wat U hierdie afgelope week vir ons gedoen het. Baie treurige harte is baie bly gemaak. Baie van die mense het hul verheug. En baie wat verward was, oor die Woord, roep nou die oorwinning deur Jesus Christus uit. Ons dank U vir hierdie dinge.

34 En ons bid, Here, dat vandag nog ’n keer sal wees wat U by U mense besoek aflê. En ons is hier vergader, van alle, baie verskillende soorte, sou ek sê, van denominasionele kerke. Sommige met verskillende gelowe, van miskien vriendelik te verskil oor die Skrifte, maar dit nie enige versperring, hoegenaamd, te laat wees nie, selfs nie vir ’n Joodse suster om haar hand op te steek nie. Ons is byeen in Hemelse plekke in Christus Jesus.

35 Ons bid, vandag, dat U Gees opnuut op ons uitgestort sal word. Gee ons opnuut 'n doop, vanmôre, Here, of opnuut 'n vervulling. En ons vra dat U die siekes sal genees, die beproefdes, dié wat behoeftig is. Hier is 'n man wat hier in 'n rystoel sit, ander is daarbuite, miskien, met hartprobleme, party met kanker. Hulle is sterwend, Here. En die dierbare dokters van ons land het hulle gevalle gediagnoseer en so diep as hulle kon daarop ingegaan, miskien met operasies, en steeds hou daardie duiwel vas. Hy is vasbeslote om hulle lewe te neem. En hy's . . . Hulle mag iewers sny met hul mes en teer hande, om daardie persoon te probeer help, maar daardie bose gees sal wegglip na 'n ander hoekie en daar weer uitbreek. Want hy is goed in staat om van die dokter te skuil. Maar, God, hy kan nie van U skuil nie. U weet presies waar hy is. En met die Woord van U geloof en Krag, sal hy moet padgee. En ons bid U, vandag, God, dat U elke bose ding die mense sal laat verlaat, dat hulle gesondheid kan hê, en die seëninge van die Here onse God kan geniet. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

36 Nou, daar lê baie sakdoeke hier. En ons sal oor hulle bid. En as jy nie een hier het nie, en jy wil een hê, wel, jy skryf net hier aan ons by posbus drie—twee—vyf, en onmiddellik sal ons dit tot by jou stuur. Dis te vinde nou in die Boek Hebreërs, in die Boek van—van die Handelinge, die 19de hoofstuk, waar ons sakdoeke of voorskote van die mense neem om daaroor te bid.

37 Laat ons nou vanmôre in die Skrifte blaai na die Boek Jesaja, die 1ste hoofstuk. Jesaja 1, terwyl ons 'n gedeelte van die Skrif lees.

38 En terwyl julle na hierdie Boek blaai, om ons met die lees te volg, is dit die gewoonte om iets te sê oor die komende genesingsdiens.

39 Nou, ons probeer nie sê dat ons hier van Goddelike genesing 'n hoofsaak maak nie, want Goddelike genesing is 'n bysaak. En jy kan nooit 'n bysaak as hoofsaak neem nie. Maar ons glo dat Jesus Christus se bediening, ses—en—tagtig persent daarvan, Goddelike genesing was. En deur die mense se aandag te trek met Goddelike genesing, is die besef gebring dat Hy God is. En hulle . . .

40 Hy het gesê: "As julle nie kan glo dat Ek dit is nie, glo dan die werke wat Ek doen. Want as Ek nie die werke van My Vader doen nie, glo My dan nie. Maar as Ek die werke van die Vader doen, en julle kan My nie glo nie, glo dan die werke.

41 Sien, as 'n Mens, het Hy Homself God gemaak. Op die kruis, of . . . Net voor die kruis het hulle vir Hom gesê: "Ons stenig U nie oor 'n goeie werk wat U gedoen het nie. Maar ons stenig U omdat U 'n Mens is wat Uself God maak." Hy was God. Hy was. God was in Hom. En so, dan, het Hy gesê: "As julle My nie kan

glo nie, glo die werke wat Ek doen." Sien? "Glo net die werke, dat hulle van God is."

42 Wel, nou, dit is vandag dieselfde ding. Daar's geen mens op aarde wat 'n God is nie. Sekerlik nie. Ons is almal menslike wesens, elkeen in sonde gebore, gevorm in ongeregtigheid, gekom na die wêreld met leuens op die lippe. Maar soos ons dit hierdie week so duidelik deurgegaan het, deur te wys dat God eens *bokant* Sy skepping geleef het, vanweë sonde. Toe het Hy *met* Sy skepping geleef, in die vorm van 'n liggaam, Jesus Christus; het Sy tent by ons gemaak, onder ons gewoon: "vlees geword", met ons, om sonde en pyne te verduur, foltering, en dinge wat ons doen. Toe het Hy 'n Kerk geheilig *waarin* Hy kon woon. So dit was God bokant ons; God met ons; God in ons.

43 Jesus het gesê: "Op daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My is; en Ek in julle, en julle in My." En julle sien daar, dis God wat deurwerk. So, as 'n persoon so volledig oorgegee is aan die Heilige Gees, en praat, is dit nie die persoon wat praat nie.

44 Ek weet dit uit ervaring. Uit my bietjie ervaring met Christus, het ek die kere gevind dat—dat Hy my sou toelaat om myself aan Hom oor te gee totdat ek nie geweet het wat ek sê nie. En ek sou dit nie gesê het nie, vir niks ter wêreld nie, maar Hy het dit gesê.

45 Hattie sit daaragter, die dame. Die ander dag, toe die nuwe bediening wat ek vertrou vanmôre sal inkom. En julle almal het al daarvan gehoor. En toe ons sit . . . En daar is ten minste agt of tien, net hier nou, wat daardie tyd teenwoordig was. En toe die Heilige Gees na daardie vrou gedraai het en vir haar gesê het om enigiets te vra wat sy begeer, en dit sou vir haar gegee word. Dink julle ek sou dit gesê het? As ek kon, sou ek dit sommer nou sê. Maar ek kon dit nie sê nie. En ek het gebewe, so swak was ek. Broer Banks Wood, wat daar staan, het langs my gesit. En die sweet het van my hande afgeloop, en ek was so swak dat ek opgestaan het en die huis verlaat het. Dit het my so bevrees gemaak. Maar die vrou het gevra vir een van die grootste dinge wat enigeen kan vra, en het dit ontvang. Sien, dit was God. Dit was nie 'n mens nie. Mense kan nie daardie dinge doen nie.

Jesus het vir die boom gesê: "Geen mens eet van jou nie."

46 En die dissipels, die volgende dag . . . Hoe gou, dit het sommer dadelik begin werk. Die volgende dag het dit begin verlep. En hulle het gesê: "Kyk hoe gou verlep die boom."

47 En Hy het gesê: "Glo in God. Want voorwaar Ek sê vir julle as julle . . ." Nie as "Ek" nie, maar as "julle." "Wie ook al vir hierdie berg sal sê: "Beweeg," en nie twyfel nie, maar glo wat hulle gesê het sal gebeur, julle kan hê wat julle gesê het."

48 Dis God in jou. Sien? Wie kan 'n berg beweeg behalwe God? Wie kan dinge so laat gebeur behalwe God? So, sien julle,

bo enige teenspraak, God is in Sy mense. Dan behoort ons mekaar te respekteer. Ons behoort mekaar lief te hê. Bo—oor ons denominasionele versperrings behoort ons mekaar lief te hê, buitendien. Maak nie saak of ons nie kan saamstem nie.

49 Miskien kon die apostels ook nie saamstem nie. Hulle wou weet wie die grootste gaan wees, en baie dinge. Johannes Markus, en—en Paulus daar, hulle het 'n. . .En Petrus en Paulus het verskil. Maar die bande van liefde, dis waarna ons vandag strewe, dat alle Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Lutherane, wat dit ook al is, ons almal saam is, as 'n Christelike eenheid. Nou ons probeer met die Gees vervul raak, om nader aan God te beweeg. Dis die visioen.

50 Nou het julle Jesaja 1? Laat ons met die 14de vers begin. En ek gaan 'n teks neem, as die Here wil, uit die 18de vers, om my konteks te lê.

> *Julle nuwe mane en julle feestye haat my siel; hulle is My 'n oorlas. Ek is moeg om dit te dra.*
>
> *En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle* enige *gebed vermenigvuldig, luister Ek nie; julle hande is vol bloed.*
>
> *Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor My oë weg, hou op om kwaad te doen,*
>
> *leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die* weduwees.
>
> *Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word. . . sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.*
>
> *As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet.*
>
> *Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek.*

51 Julle weet ons het in die laaste tyd soveel van konferensies gehoor, mense wat saamkom. Dis waarvan God hier praat, 'n konferensie met Sy volk. "Kom nou en laat ons die saak uitmaak." Dis wat ons die laaste paar dae gedoen het. En soveel in die nasie, en die nasionale sake, is vandag op konferensies gebaseer.

52 Hier 'n ruk gelede, ek kan dit goed onthou, en baie van die mense kan onthou, die Groot Vier Konferensie. Hulle het vier van die groot leiers van die wêreld bymekaar gekry, van die vredeliewende wêreld, en hulle het 'n konferensie gehou. En by hierdie konferensie het hulle probeer besluit wat sou die beste wees om te doen.

53 En toe het ons onlangs die Geneefse Konferensie gehou, waar, by Genéve, die vredeliewende mense van die wêreld byeengekom het, om te vra na, en met mekaar te beraadslaag oor wêreldvrede. Dit is die Geneefse Konferensie genoem.

54 Dan, as ek dit nie mis het nie, het hulle 'n—'n Paryse Konferensie gehad, nou hier 'n ruk gelede. En hulle het almal in Parys ontmoet, om probleme te bespreek, en om te probeer om 'n vrede tot stand te bring.

55 En nou toer ons lieflike President, Dwight Eisenhower, die vry wêreld. Die koerante is vol daarvan. En die radio, van Mnr. Eisenhower se gesprekke met die vry nasies van die wêreld, konferensie op konferensie, waarby hy probeer—probeer uitkom. En die. . .Hulle vertel, in die koerante, van hoedat hy— dat hy in soveel plekke welkom is, en hoe hulle die Amerikaanse lied sing, of die vlag oplig, of die vlag ophys, liewer, wanneer hy kom. En—en 'n ander een gee hom geskenke, ensovoorts. Dis die mense wat vredeliewende nasies is.

56 En ek dink ons behoort vir Mnr. Eisenhower te bid, terwyl hulle al hul pogings aanwend om hierdie land waar ons byeenkomste soos dié kan hê, vry te probeer hou.

57 Amerika, met al sy sonde en al sy probleme, is nog die beste wat die wêreld het. Ek glo dit. En God help dit om so te wees en altyd te bly, want ons het 'n paar kosbare beginsels. Dat, hierdie ou aarde in bloed gedrenk was, om hierdie beginsels in stand te hou.

58 So ek dink ons behoort te bid, voortdurend, dat God met Mnr. Eisenhower sal wees, oud en sy gesondheid nie te goed nie. En—en die man in sy sosiale status, en wat toesprake maak, en sy bes probeer. Selfs al verskil jy van hom, in die politiek, bid nou vir hom. Dis jou nasie wat op die spel is.

59 Waarvoor word konferensies gehou? Wat is die rede vir hierdie konferensies? Daar moet 'n rede wees, of hulle sou nie hierdie konferensies gehad het nie. Hulle moet tot 'n sekere besluit kom oor wat hulle gaan doen. Dis waarvoor 'n konferensie is, dis om 'n besluit te neem. Mense op een plek, en 'n ander plek, en verskillende sienings, en klein dingetjies kom *hier* voor, en iets net *hier*, en dan weer *hier*, dan moet hulle saamkom en 'n konferensie hou, en dan 'n besluit neem oor wat hulle daaraan gaan doen. En dis waarom hulle gehou word.

60 En dan na die besluit, of die konferensie bepaal is, moet hulle 'n sekere plek hê om hierdie konferensie te hou. En as julle sal oplet, dat, hulle probeer altyd 'n plek kry wat pragtig is. Ek was in Genéve, waar die Geneefse Konferensie gehou was, in Parys, en—en verskillende plekke waar die konferensies gehou was. Ek was by die V.N.—gebou. En, o, dit is pragtig, veral in Genéve. En dan daarin, hulle. . .Ek meen hulle probeer die plekke kies sodat die aantreklikheid. . .Daar's iets wat, as dit vreedsaam is

en—en aantreklik, skyn dit op die menslike gees in te werk. Ek glo dis waar.

61 Baie kere, vir myself, om 'n berg te klim, 'n sonsondergang dop te hou, of, dit ontroer my net, en dit lyk of al my verskille opgelos is. 'n Plek, 'n plek, gekose plek waar die konferensie gehou moet word. En dan moet daar besluite wees wat geneem moet word.

62 En dan 'n ander gedagte wat ek by julle wil tuisbring, is dit, oor 'n konferensie, dat hulle nooit 'n konferensie hou tensy daar 'n dringende behoefte is nie. Dis tydens 'n—'n moeilike tyd, dat konferensies gehou word.

63 In die tyd van die Groot Vier byeenkoms, was daar 'n konferensie omdat Wêreldoorlog II amper aan die handuitruk was. En hulle moes bymekaar kom, en al hul strategie saamspan, en iets uitwerk; Mnr. Churchill, en Roosevelt, en die ander. Probeer hul sinne bymekaar sit, dit saamgooi, uitvind wat die beste is, want dit was 'n deurslaggewende tydstip. Dit was 'n tyd toe die hele vry wêreld kon tot niet gaan. En Hitler sou vandag diktator van die wêreld gewees het, en ons sou nie vandag hierdie byeenkoms gehad het nie.

64 Dis waarom konferensies gehou word, en—en die rede hulle hul in uitgesoekte plekke hou, en—en die rede hulle hul moet hou. En as. . . En ons word tot 'n konferensie gedwing. Dis hoe hulle bymekaar kom. En hulle was groot konferensies. Daar's nie twyfel in my gedagte nie, en die tyd sou my nie toelaat nie, my stem nie, om voort te gaan en te noem van die groot konferensies deur die eeu heen, waarvan ek gelees het, in die dae van Farao, ensovoorts. Maar, die groot konferensies van hierdie wêreld se sisteem is gehou.

65 En, dan, het God al 'n paar groot konferensies gehou. Daar het 'n tyd gekom, in God se groot bestel, waar daar 'n konferensie gehou moes word. En die eerste een wat ek kan herroep, vir hierdie aarde, was in die Tuin van Eden. Toe die Engele van God Huis toe gekom het, gehuil het, gesê het: "U kind het geval. Hy het gesondig, en hy het U gebooie verbreek." Iets moes gedoen word. Die skepsel van God het in sonde verval, en was onderworpe aan Ewige skeiding van die Teenwoordigheid van sy God en sy Maker.

66 Dit was 'n deurslaggewende oomblik, want die Koning van die Hemel het gesê: "Die dag dat jy daarvan eet, daardie dag sterf jy." En Sy vertroue in Sy seun gestel, Sy seun het Sy gebod verbreek. Daar moes iets gedoen word. Dit was Sy skepping. Dit was die werk van Sy Eie hand. Dit was die liefling van Sy hart, die appel van Sy oog. Iets moet gedoen word. So daar moes 'n konferensie byeengeroep word.

67 God het 'n sekere boom in die tuin van Eden uitgesoek. En nadat Hy ou bebloede skaapvelle uitgegooi het in die. . .

agter die bosse. Hy het Adam en Eva geroep, en daar het Hy 'n konferensie gehou, gepraat oor en 'n regstelling gemaak vir hierdie verskriklike ding wat Sy kinders gedoen het. God se konferensie.

68 En daar is 'n besluit geneem. By 'n konferensie is daar altyd 'n besluit. En God het 'n besluit geneem. Dat, omdat Eva ge. . . Toe Hy haar in die getuiebank gehad het, omdat sy lewe van die wêreld weggeneem het, sou sy lewe na die wêreld moes bring. En vir Adam; en vir die slang; en, natuurlik, synde die hoof van die ras, het die hele ras onder dit saam met Adam geval.

69 Dan kan ek in my geheue oproep 'n ander konferensie, van 'n profeet wat gedros het, wat swak geword het in sy besluite, en hy het gedink die taak is te groot. En hy het weggehardloop en met 'n vrou getrou, en in die wildernis in teruggegaan, en was vir veertig jaar daar. 'n Profeet, gesalf deur God, met 'n groot opdrag; gebore in die wêreld, 'n profeet. Maar, tog, deur die einste bedreiging van die fout wat hy gemaak het, deur dit in sy eie hande te neem in plaas van om die instruksies van God te volg, het hy 'n man doodgemaak. En deur die bedreiging en vrees vir Farao, het hy die wildernis in gevlug, en was veertig jaar daar.

70 En die slawe van Egipte, die taak was so groot, hulle rûe was so seer, hul harte was so stukkend, dat hulle geroep voor God gekom het, totdat Hy tot 'n konferensie gedwing is.

71 Daar's 'n manier om 'n konferensie af te dwing. Jy kan dit in jou lewe doen, 'n beslissende stryd.

72 Die laste van die mense, en die geroep, was so groot dat God gedwing is om 'n konferensie te belê. Wanneer God 'n besluit neem, moet dit so wees. So Hy het alreeds, voor die grondlegging van die wêreld, 'n man op die Boek van die Lewe van die Lam gesit, met die doel om die mense te verlos. Al die dinge is deur God vooraf beplan. Daardie man se naam was Moses, Sy dienskneg. So, voor die grondlegging van die wêreld, is Moses gekies om die mense te verlos.

En Moses het God gefaal.

73 Dit behoort ons vertroue en moed te gee. Ons wat God gefaal het, ons het nog hoop. [Broer Branham klap sy hande een maal—Red.] Ons faal Hom, as 'n kerk. Ons faal Hom, as 'n volk. Maar laat ons 'n konferensie belê, met Hom daaroor praat, kyk wat Hy vir ons sê, kyk by watter besluite ons uitkom.

74 En God se man het gefaal, en God moes 'n konferensie belê. Hy kon nie iemand anders gebruik nie. Hy het Moses gekies. So hy gaan af in die wildernis in, iewers aan die agterkant van die woestyn, naby Sinai. En Hy het 'n top van 'n berg gekies, en 'n bos, 'n sekere plek. Hy het gedink: "Ek sal Moses hiernatoe bring. Dit sal 'n goeie plek wees, weg van sy skape af, weg van sy vrou, weg van sy kinders, weg van al die mense af. En Ek sal 'n konferensie met hom belê."

75 Daar, toe Hy met die profeet gepraat het, het hulle eindelik by die onderwerp uitgekom. "Ek het die geroep van My volk gehoor. Dis waarom Ek jou geroep het, Moses. Ek het die geroep van My volk daaronder gehoor, en Ek onthou dat Ek 'n belofte gemaak het wat Ek moet nakom. Nou stuur Ek jou daarheen."

76 Moses het—het teruggepraat met God. Hy was 'n mens. Hy het gesê: "Maar wie is ek? Ek—ek kan nie praat nie."

77 En toe in hierdie—hierdie konferensie, het God vir Moses gesê: "Wie het die mens se mond gemaak? Wie het die mens laat praat? Wie het die dowes gemaak? Wie het die stommes gemaak?"

En Moses het nog beswaar gemaak. Hy wou God se heerlikheid sien.

78 En Hy het gesê: "Moses, as jy wil weet Wie Ek is, Ek is 'n wonderwerkende God. Gooi jou staf op die grond neer." En dit het in 'n slang verander. Toe het Hy gesê: "Steek jou hand in jou boesem." En het dit uitgetrek, en dit was melaats. En toe hy dit weer teruggesit het, en dit uitgetrek het, was dit genees. Het gesê: "Jy weet Wie Ek is, Moses? Ek is die God wat wonderwerke verrig. Ek is die God wat die siekes en beproefdes genees. Ek is Jehova God."

79 Moses het gesê: "Ek sien U heerlikheid. Nog een ding wil ek weet voor hierdie konferensie afgesluit word. Wie sal ek vir Farao sê, het my gestuur?"

Hy het gesê: "Sê vir hom dat 'EK IS' jou gestuur het."

80 Nie "Ek was," of "Ek sal wees," nie. Maar, altyd teenwoordig: "Dieselfde gister, vandag, en vir altyd." "EK IS." *IS* is teenwoordige tyd, nou. Dit behels toekomende, teenwoordige, en—en verlede tyd: "EK IS."

"EK IS het jou gestuur."

81 Moses het sy bevele gekry en is af na Egipte toe. Uitgekom, die kinders gebring, het daar toe 'n tyd gekom dat hulle vasgekeer was. 'n Volk, 'n uitgeroepte volk, afgesonder van die res van die wêreld! Israel was die volk van God so lank hul in Egipte was. Toe hulle eers uit Egipte is, was hulle die kerk van God. Die woord "uitgeroepte," of *kerk*, beteken "uitgeroepte." So hulle is uit die res van die wêreld geroep, en hulle is die kerk.

82 Dis wat dit vanmôre is, dié wat uit die wêreld geroep is, ongeag watter denominasie—kenteken hulle op hulle het. As hulle uitgeroep is, is hulle afgesonder vir God, en is hulle lede van Sy groot Kerk.

83 So hierdie mense het hulself afgesonder, deur die bloed van die lam te offer, en deur aan te sit die—die bloed, oor die deurposte. En dit is met hissop aangesit.

84 Kyk, ek wil hê julle moet iets hier oplet. Dis so treffend. Moses het opdrag gegee dat hulle hissop neem, en dit in die bloed van die lam doop, en dit bo die deur aansmeer. Die bloed het, natuurlik, die Bloed van Christus voorgestel. Die hissop was gewone onkruid. Jy kon dit oral kry, tel net 'n handvol onkruid op.

85 Dit wys dat die Bloed so eenvoudig is om aan te wend. Die onkruid het geloof voorgestel, net geloof in God. Jy hoef nêrens anders te gaan nie. Neem net die geloof van God en wend die Bloed aan aan jou hart. Sê: "Ek is afgesonder van die dinge van die wêreld, want, deur geloof, wend ek die Bloed aan vir my geval vanmôre. Ek sal genees word, want ek wend die Bloed aan bo die deurpos van my hart. Ek sal twyfel my nooit weer laat tref nie, want ek sal myself beskerm deur die Bloed van Jesus, deur geloof (my hissop) bo my deur aan te sit. En geen vyand sal binnekom nie. Ek sal nooit meer God se Woord betwyfel nie." Dis hoe eenvoudig dit is.

86 Hulle was op hulle uittog, nadat hulle afgesonder is, en was 'n uitgeroepte volk. En hulle het by die Rooi See gekom. En hulle moes halt roep. Hulle kon nie oorgaan nie. Die groot generaal Josua moes sy hand opsteek en die basuin blaas, om te: "Stop! Staak die mars! Daar's 'n hindernis voor ons. Ons het die berge aan weerskante. Ons is hier onder in 'n vallei, en ons moet stop."

87 En altyd wanneer daardie Kerk tot stilstand kom, is dit wanneer Satan oorneem. Moet beweeg, voortdurend en vinnig, voortmarsjeer na Sion. Moenie dat die Kerk van die lewende God ooit skuldig is aan stilstaan nie.

88 So hulle het gestop en gesê: "Wat is die probleem hier?" En sodra hulle gestop het en hul tente opgeslaan het, en 'n rukkie begin rus het, het hulle die gerammel van wiele gehoor. En die enigste ontsnappingsroete wat hulle gehad het, was agtertoe. En hier het Farao se leër gekom, inbeweeg om voor te keer, of af te sny.

89 Julle soldate, wat die strategie ken, hoe hulle hulle vasgekeer het. Daar was die Rooi See voor hulle, miskien twee of drie myl breed. Hier was die hoë berge; hulle kon hulle nie klim nie. Hulle sou soos skape wees, daaroor versprei, 'n teiken vir elke boogskutter. En agter hulle, omdat hulle gestop het, het die vyand gekom.

90 Dit toon dit, vriende, selfs in die mars vandag na die beloofde Land, is die vyand net 'n tree of twee agter ons. Ons kan nie by hierdie herlewing stop nie. Dit kan nie halt roep wees nie. Hou net aan beweeg. Gaan voort. Julle het 'n Teenwoordigheid van die Heilige Gees by julle gehad, eergisteraand, en gisteraand. Nou beweeg voortdurend aan Daarheen. Moenie halt roep nie, want die vyand is kort agter julle.

91 En sodra die halt geroep is, en Farao se leër gesien is, aan die kom in die verte; die—die dreun van die wiele van die krygswaens, en die stof wat opslaan, en die geskreeu van die soldate. Watter oomblik! Dit het die mense byna paniekerig gehad.

92 Maar daar was een onder hulle wat geweet het daar is geen rede om verontrus te wees nie. Hy het al tevore konferensies gehad. Hy het geweet hoeveel dit verg om 'n houvas op God te kry. So bo—op, sal ons maar sê, bo—op die heuwel, by 'n sekere rots, het Moses homself vir die res van die kinders van Israel verberg, en daar het hy 'n konferensie gehou. "Here, ek het tot by hierdie plek getrek, maar 'n hindernis het ons laat stop. Ons moes halt roep."

93 Soos ons broer hier in die rystoel. Soos jy miskien wat daar met 'n kanker sit, of met 'n hartprobleem of iets sodat jy weet jy gaan binnekort sterf. Die vyand het jou laat stilhou. Hy het jou tot stilstand gebring. Miskien het jy tot stilstand gekom voor die vyand jou ingehaal het. Miskien is daar iets in jou lewe wat jou tot stilstand laat kom het. Wat dit ook al is, julle het nog die voorreg van 'n konferensie. Laat ons dit met Hom uitpraat. Laat ons iets daaromtrent doen. Maak nie saak wat die vyand is nie, hy's nooit te groot vir ons God nie. Ons het 'n konferensie nodig.

94 So Moses het daaragter 'n sekere plek, sal ons maar sê, gegaan en 'n konferensie met God gehou. Hy het nie geweet wat om te doen nie.

95 Miskien weet jy nie wat om te doen nie. Miskien is jy 'n sondaar en het soveel sonde gedoen. Miskien het jy gerook tot jy nie meer kan rook nie, en kan nie daarmee ophou nie. Miskien het jy gedrink tot jy nie meer kan drink nie, en kan jy nie daarmee ophou nie. Miskien het jy by 'n punt gekom waar jy so vol sonde en wellus is, dat jy verkeerd moet kyk na elke vrou wat jy sien. Of, miskien het jy selfs jou eie natuurlike bronne verderf. Miskien het jy voor 'n blok te staan gekom. Ek gee nie om waarby jy is nie, God is steeds gereed om na jou te kom, in 'n konferensie, en met jou daaroor te praat. Miskien het jy jou huis opgebreek. Miskien het jy jou man verlaat, of jou vrou verlaat. Miskien het jy van jou kinders weggeloop. Daar mag baie dinge in hierdie lewe wees waarin die vyand jou vasgevang het, maar, onthou, my broer, suster, jy het nog die reg om 'n konferensie met God te hê. Ja, meneer. Praat daaroor met Hom. "Hy is 'n baie nabye hulp in die tyd van nood."

96 Dan sien ons dat Moses 'n konferensie gehad het. En miskien was dit die konferensie: "O groot Leier van Israel, ek het dit alles op U bevel gedoen. Ek het. Ek het hierdie mense gelei net soos U my gesê het om dit te doen. Ek het die mense met die bloed bedek. Ek het die plae uit die hemel laat neerkom. Ek het alles gedoen wat U my gesê het om te doen. En hier is ons, vasgekeer.

Wat moet ek doen, Here? Ek moet hierdie konferensie met U hê." En miskien gesit bo—op die rots, of daar naby gestaan, by die spleet in die rots, waar Moses by hierdie sekere, gekose plek, op hierdie kritieke oomblik, gebid het.

97 Iets moes gedoen word, of hulle sou onder die wiele van die krygswaens vergruis word. Hulle sou deurboor word, elke klein Hebreeuse kinders. Elkeen van die klein babatjies sou oopgeslaan word, hulle koppe teen 'n klip. En hulle moeders sou oopgesny word, daarbinne, en verkrag. En hulle—hulle vaders sou uitgemoor word. Dit was 'n kritieke tydstip.

98 Daar is miskien dieselfde soort kritieke tydstip, miskien nie op daardie wyse nie, maar miskien het 'n kanker 'n houvas op jou gekry. Miskien 'n ander siekte. Miskien het sonde 'n houvas op jou gekry. En dit gaan jou vergruis tot reg onder in 'n duiwel se hel, 'n skeiding van God. Hou 'n konferensie, gou.

99 En toe hierdie konferensie gehou is, het God op die rots gestaan, aan die sy van Moses. En Hy het gesê: "Gaan terug onder na die laer toe, Moses. Gaan reg terug na waarvandaan jy begin het. Ek is God. Gaan daarheen en sê vir die volk om voorwaarts te gaan. Ek sal die weg baan as die tyd kom om die weg te baan. Ek is die wegbereidende God."

100 Moses, na die konferensie oor was, en hy weggestuur is uit die Teenwoordigheid van God, met 'n bevel om voorwaarts te gaan, het afgeloop en gesê: "Vrees nie, Israel. Staan stil, vandag, en aanskou die Krag van ons God. Gaan na die see toe. Moenie van die bevel afwyk nie. Die bevel is: 'Gaan voorwaarts!' Die beloofde land behoort aan ons. Hierdie vyand is in ons pad, het ons afgesny. Maar God het gesê: 'Gaan voorwaarts.' Bly aan die beweeg."

101 Dis wat vandag die probleem met die kerk is. God roep julle, en Hy wil julle gawe op gawe skenk, en krag op krag, en genade op genade. Maar julle organiseer julself, dan: "Ek kan nie verder gaan nie, want die kerk wil my nie toelaat nie." Sien? Daar's geen stilhouplek in God nie, geen plek vir denominasie nie. Daar's geen plek vir sekere standaarde nie. Die eintlike ding is om voorwaarts te gaan. Spreek God se Woord en gaan voorwaarts. Gaan net aan. Bly aan die beweeg. God sê dis reg, dit is reg. Julle het julle opdrag.

102 As hulle sê: "Wel, ek het na my kerk gegaan, en hulle het vir my gesê ek behoort nie na daardie tabernakel toe op te gegaan het nie. Ek is nou skoon deurmekaar, oor of ek die Heilige Gees moet hê, of nie."

103 Die belofte is julle s'n. "Dis vir julle, en vir julle kinders, en vir hulle wat ver is, vir soveel as wat die Here ons God sal roep."

104 Wat? Spreek die Woord van God. God het so gesê. Gaan voorwaarts. Kyk hoe die vyand uitmekaarspat. Kyk hoe die Rooi See oopmaak. Hou 'n konferensie. Gaan voorwaarts. Sekerlik,

dit sal oopmaak. God is die ontsnappingsroete. Hy het 'n pad gebaan, reguit na die beloofde land. As enigiets in Sy pad gekom het, het Hy dit uit die pad uit geneem. As enigiets in julle pad kom, hou dan 'n konferensie met God. Praat daaroor met Hom, en gaan aan.

105 Dis wat God hier vir Jesaja sê. "O, julle is sondig. Julle sonde is soos skarlaken. Hoekom kom julle nie en laat ons saam daaroor besin nie? Waarom nie kom en met My daaroor praat nie? My genade is genoeg."

Die Rooi See konferensie.

106 Baie jare gelede was daar 'n ander konferensie, waarvan ek net 'n rukkie wil praat. Dit was die Kersseisoen wat ons nou binnegaan, of daar 'n Kersfees sou wees, of nie. Maar daar is 'n konferensie gehou in die Hemel, wat hierdie verlossingsplan sou wees. En daar is deur God besluit dat Hy 'n Mens sou word, dat Hy sou neerdaal en Sy Eie vloek op Homself sou neem. Dit sou nie regverdig wees vir Hom om 'n Engel te stuur nie. Dit sou nie regverdig vir Hom wees om enige ander persoon te stuur nie. Selfs as Hy 'n seuntjie gehad het, sou dit nie vir Hom regverdig gewees het om Sy seuntjie te stuur nie.

107 Dit sou nie vir my regverdig wees om Joseph te laat ly vir die dinge van my oordeel nie. Ek sou nie regverdig wees, as ek so maak nie. As ek my oordeel uitgespreek het, dit dan wil afkoop, is die enigste ding wat ek kan doen om self daarvoor te ly.

Dis die teken. Dis die doodslag vir Satan.

108 Nou, my Katolieke broer, en ook baie van my Protestante, ek kom julle nie te na nie. Maar as . . . Julle probeer Jesus 'n bietjie geringer God as God maak, Hom 'n geringer God maak. Julle sny Sy voete af, bring Hom net so 'n bietjie laer as die kop van God, en maak Hom 'n geringer God. Julle is so verkeerd.

109 Jesus was Mens. Hy het Homself die Seun van die mens genoem. Dit was 'n doodslag vir die Duiwel.

110 Die Duiwel is daarbó, het vir homself 'n koninkryk gebou, pragtiger as Migael s'n. Kain, sy seun, wou 'n mooi altaar maak, net uit vrugte en dinge. God woon nie in daardie soort skoonheid nie.

111 Maar God, om die doodslag vir sonde te gee, kyk hoe Hy gekom het. Hoe het Hy verkies om te kom? Daar was 'n konferensie in die Hemel. "Hoe gaan U neerdaal? Hoe gaan U dit doen, Vader," het die Engele gesê.

112 "Ek gaan een van hulle word. My wet van verlossing is: "'n Naby familielid." En Ek sal Self Mens moet wees." Dis die slag wat Satan getref het. Gebore! Hy kon met gérubs neergedaal het. Hy kon met die goue lere neergedaal het. Daar kon gesange deur die hemele gesing gewees het, en Hy kon na die aarde geloop het,

en alles verban het. Maar toe Hy die konferensie gehou het, het Hy besluit om as ’n Kindjie te kom.

113 In Jesaja 9:6 kry ons dit. “Vir ons is ’n Kind gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Raadsman, Vredevors, Sterke God, Ewige Vader. En aan Sy heerskappy sal daar nie ’n einde kom nie.”

“Dit sal vir julle ’n teken wees, ’n Kindjie,” nie ’n God nie: “’n Kindjie.”

114 Kyk waar is Hy gebore. Dit moes besluit word, in die konferensie, waar Hy gebore moes word, om seker te maak Hy is Mens. Hy is in ’n stal gebore. Hy het verkies, in plaas van die—die wag van die ivoorpaleis om Hom te bring, in plaas van ’n Engelgeleide, in plaas van rollende gérubs, met die—met die prag van die Hemel getooi, het Hy Homself gestop, Homself geplaas in die stal, bo die mis van die diere, die stof en vullis van die wêreld. Hy was Mens. Hy was geen geringer God nie. Hy was ’n Mens. Gebore soos ons is, deur die gemors van gebore, gekom deur die skoot van ’n vrou. Nie ’n God nie; ’n Mens! Hy was niks, en, geen wonder nie, die grootste Seun!

115 Julle sien in die byeenkomste die teken van onderskeiding, die Teenwoordigheid van die Lewende God. Julle sien die tekens oral, van Hom. maar laat my dit vir julle sê, my broer, my suster. Daar was nooit ’n teken so treffend soos die teken waarvan die Engele vir die skaapwagter vertel het nie: “Julle sal Hom in die stal vind, in doeke toegedraai.” En kan sien wat God is. Dit is wat. Dit verbaas my, vandag.

116 Waarom is dit dat ’n herlewing na die stad kan kom, van een of ander groot bekende evangelis, en die groot vooraanstaandes gaan, en die burgemeester van die stad, en al die vooraanstaandes, of die welgekledes, en die armes word soort van op neergesien? En julle praat van ’n prediker wat een of ander groot geleerdheid het, dat hy die vloeiendste woorde kan praat wat net jou verstand prikkel, met groot woorde wat die armes nooit sal verstaan nie, en julle almal noem dit groot.

117 Sien julle nie dat God in nederigheid is nie? “Dit sal ’n teken wees. Die Kindjie sal in doeke toegedraai wees, en in ’n krip neergelê, bo die mis van die beeste en skape.” O, goeiste! Dis ’n teken. “Dit sal vir julle ’n teken wees. Julle sal die Kindjie daar vind.”

118 Baie keer dink mense: “In ’n klein, ou geskeurde tabernakeltjie, party predikers wat skaars hulle ABC’s ken, bendelede en smokkelaars, en nog wat, bekeerd, geen geleerdheid nie, en gebruik hulle uitdrukkings van die suide soos sy ‘haint, en carry, en tote, en fetch,’ jy sal God nooit daar kry nie.”

119 Maar dis waar jy Hom kry, toegedraai in doeke, nederigheid. Julle dink dit kom op een of ander grootse manier. As julle jul

ware konferensie met God wil hou, kry 'n klomp mense soos daardie, praat dan daaroor. Julle kan die werk van God sien, hoe Hy nie een of ander beeldhouer, een of ander groot kunstenaar en iets, gevat het en vir hom 'n intellektuele toespraak gehou het nie. Maar Hy het iets geneem wat niks was nie, neergedaal net soos Hy in die eerste plek gemaak het.

120 Iemand het gesê, nie lank gelede nie: "As hierdie onderskeiding en hierdie genesing, ensovoorts, van God was, sou die Katolieke hiërargie dit gehad het."

121 Waarom het die Joodse hiërargie dit nie gehad nie? Dit is nie in die paleis gebore nie. Dit is in 'n stal gebore. Hy het nie naaldwerk—klere gehad om aan te trek nie, maar die vodde van die rug van die juk van 'n os. Gelê bo 'n hoop mis; die Seun van God, die tabernakel waarin God gewoon het. Dis hoe Hy besluit het om te kom. En ons moet omgedraaide boordjies en swaelstertmanelle, en groot pragtige kerke en goue torings hê. "Dit sal 'n teken wees. Julle sal Hom in doeke kry, toegedraai in doeke, en neergelê in 'n krip. Daar is 'n teken vir julle."

122 God vertoef in nederigheid. Nie in praal nie; dit was nog altyd die Duiwel se idee. God kom in nederigheid. "Dit sal 'n teken wees." Nie 'n geringer God nie, maar 'n Mens. 'n Mens! Hy het soos 'n kindjie gehuil, toe Hy 'n Kindjie was. Hy het in die strate gespeel, soos 'n seuntjie, toe Hy 'n Seuntjie was. Hy het saam met Josef in die skrynwerkerswinkel gewerk, soos 'n Man by die werk. Hy het geëet as Hy honger was. Hy het gesweet as Hy warm kry. Hy het gehuil as Hy treurig was. Hy was 'n Mens.

123 "Dit sal vir julle 'n teken wees. God sal by julle woon, in 'n nederige. . . " Nie 'n yslike, groot aanstellerige man nie, maar 'n klein, nederige Man met geen agtergrond nie. 'n Teken! Dis 'n doodslag vir die Duiwel, net daar. Dis 'n doodslag vir elke denominasie en praal, en alle praal en heerlikheid van hierdie wêreld. Dis 'n doodslag, dat die God van die Hemel verkies het om so te kom.

124 Dit is wat by die konferensie gebeur het. Daar moes besluit word. Dis hoe Hy verkies het om te kom. Hy hoef nie so te gekom het nie. Hy was die God van die Hemel, maar Hy het verkies om as 'n Kindjie te kom. Hy het verkies om so te kom. Dit is wat by die konferensie in die Hemel gebeur het.

125 Laat my net 'n ander konferensie, of twee, oproep. Laat my hierdie een oproep. Daar was 'n tyd. . . na 'n perfekte lewe van drie—en—dertig en 'n half jaar gelewe was. 'n Mens wat wou lewe so graag as wat ek wil lewe, so graag as julle wil lewe. 'n Mens Wat iets gehad het om voor te lewe, broers wat Hy liefgehad het, mense vir wie Hy lief was, sonsondergange waarvan Hy gehou het om te sien. Onthou, Jesus was 'n Mens. God was in Hom.

126 Daar kom 'n tyd. . . [Leë kol op band—Red.] . . . Gees wat die Lam gelei het, die Duif.

127 Daar moes ’n konferensie tussen die Lam en die Duif wees. En hulle het ’n plek gevorm om dit te belê. Na die avondmaal daardie aand, het hulle ’n spruitjie oorgesteek, Krit, en, of iewers. En oor die spruit gegaan, en in ’n tuin genaamd Getsémané ingegaan. Hulle moes ’n konferensie hou. God en Christus moes daaroor praat. Die Lam en die Duif moes saam sit. Dit was die Duif wat met die Lam moes praat, en dit was die Lam se dood.

128 Nou, toe hulle by daardie rots gesit het, en al die Engele afgekom het uit die Hemel, om hierdie konferensie aan te hoor. O! Daar was Gabriël, Migael, Alsem, al die duisende van hulle, wat om die rots gesit het.

129 Hy het vir Sy dissipels gesê, wat uitgeput was, hulle het klompe groot byeenkomste gehad, was moeg, miskien soos julle vanmôre is. Maar Hy het gesê: “Sal julle net ’n uur met My waak? Want Ek moet daarheen gaan en ’n konferensie hou. Ek moet alleen gaan.” En toe hulle . . .

130 Die konferensie is belê. En die Lam, jonk, ’n pragtige lewe, nooit so ’n lewe gewees nie. Was nooit, sal nooit wees nie, ’n lewe soos dié wat die Lam gehad het nie. Maar nou het die Vader gesê: “Is Jy gewillig? Is Jou liefde vir Jou broers groot genoeg? Is Jou liefde vir daardie sondige, stink wêreld waarin Jy gebore is, het Jy hulle lief genoeg om Jou lewe op te offer? Het Jy hulle lief genoeg om hulle plek in te neem, om hulle sondes te dra, tot die moeilikste, kruisdood?” Julle . . . Daar kon niks daardie soort dood sterf nie as net Hy.

131 En in daardie konferensie is so ’n besluit geneem totdat Bloed van Sy voorhoof gedrup het. Hy was onder spanning. Die sondes van die wêreld was op Hom. En toe het Hy die Duif in die gesig gekyk, en gesê: “Nie My wil nie, maar U wil geskied.”

132 O, kan ons daardie besluit vanmôre in ons harte hê? Kan jy daardie klein, vuil lewetjie van jou prys gee? Is jy gewillig om Hom in die gesig te kyk en te sê: “Nie my wil nie:? “Ek is ’n dronklap, maar ek sal nie meer drink nie. Ek is ’n dobbelaar, maar ek sal nie meer drink nie. Ek is onsedelik, maar ek sal nie meer so wees nie. Ek is ’n leuenaar, maar ek sal vandag daarmee ophou. Ek is ’n vuil mens. Maar in hierdie konferensie, vanmôre, sal ek in U gesig kyk, en neem, soos my Meester Wat vir my gesterf het, om my weg oop te maak: ‘Nie my wil nie; U wil.’ Al kos dit my my huis. Al kos dit my man, my vrou, my vader, my moeder, my broederskap, my kerklidmaatskap, wat dit my ook al kos. In hierdie konferensie, vanmôre, sê ek ek wil hê U Heilige Gees moet in my woon. Ek het daarvan gehoor. Ek wil U in my hê. Nie myne nie, maar Uwe. Dit is my besluit.” God het die plek bepaal, nie op een of ander hoë, spitsplek nie, maar ’n nederige tabernakeltjie wat op die punt is om ineen te stort. Ons het ’n konferensie.

133 Laat my hier van nog een konferensie praat, net vir 'n oomblik. Van baie kon geleer word. Daar was 'n konferensie na Sy dood, begrafnis, en opstanding. Iets moes gedoen word. Daar was mense wat 'n intellektuele denkbeeld gehad het, so is daar 'n ander groot konferensie bepaal. Ons ken dit, in die Bybel, as Pinkster.

134 Hulle moes 'n konferensie hou. En iets moes gedoen word, want Jesus het gesê: "Moenie meer preek nie. Moenie meer sing nie. Gaan nie meer uit en bedien nie. Maar Ek wil 'n konferensie met julle hê. En in hierdie konferensie gaan Ek die Heilige Gees bring. Maar gaan op na die stad Jerusalem, en daar wag julle totdat Ek terug is. Ek moet na die Hemel opgaan, om hulle te laat verheug. En Ek moet opgaan na die— die Troon van die majesteit," die liggaam, Jesus: "maar Ek gaan. . . Ons gaan Daarbo 'n konferensie hê. En die God wat in My woon het beloof dat Ek weer kan terugkom, en Ek in julle kan wees; met julle, in julle, selfs tot die einde van die voleindiging, die wêreld. Totdat alles verby is, sal Ek met julle wees. En die werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

135 So hulle het nie geweet hoe hulle dit ooit sou doen nie, toe het hulle na die Pinkster gegaan, en honderd—en—twintig het in die bokamer ingegaan en die deur toegemaak, en hulle het gewag en hulle het gewag.

136 Die probleem met ons is, as ons nie binne sowat tien minute 'n—'n onderhoud by God kry nie, is ons moeg, is ons knieë seer. Ons wil weggaan. As Hy ons nie antwoord net volgens wat ons wil hê nie, soos ons dink nie, is ons teleurgestel met Hom. "O, kom, laat ons die saak uitmaak."

137 "Gaan op na die Pinkster. Ek wil dit met julle uitmaak. Gaan net soontoe en wag."

138 Tien dae, hulle het gesit, gestaan, gebid, alles, gewag vir die belofte. "En skielik het die resultate van die konferensie in die Hemel neergedaal, die Heilige Gees, soos 'n magtige rukwind, en Dit het die hele huis waar hulle gesit het, gevul. Hulle is met die Heilige Gees vervul." En hulle het uitgegaan, die Woord verkondig.

139 Wanneer ons wêreldkonferensies het, het hulle gewoonlik hulle gekose plek. En wat doen hulle by hierdie konferensie? Hulle drink drankies, mengeldrankies. Hulle rook sigare en sigarette. Hulle lieg vir mekaar, en bedrieg mekaar, en vredespraatjies van die wêreld.

140 Maar wanneer God 'n konferensie saamroep, is dit vas, skoonmaak, gebed, bevele ontvang, en voortgaan. Dit is God se konferensie. Nie feesvier nie, maar vas. Nie vergryp aan onreinheid nie, maar afskeiding, jouself reinig van alle ongeregtigheid, wanneer jy voor God nader. Jouself reinig deur geloof, deur die hissop aan die Bloed aan te wend en jou hart

te reinig en voor God te stap, vir 'n konferensie. Dis die soort konferensie wanneer jy God ontmoet, dan gee God vir jou bevele. Dan gaan jy voorwaarts, Hy gaan met jou.

141 Daar is baie groot konferensies waaraan ons sou kon dink. Maar die tyd laat dit nie toe nie. Daar was onlangs 'n konferensie.

142 Daar was 'n konferensie in die dae van Martin Luther, by die hervorming. God het Martin Luther geroep, om regverdigmaking te preek, en hy het dit gedoen.

143 Daar is 'n konferensie gehou in die dae van Wesley, in Engeland, om heiligmaking te preek, en soos Wesley getuig het.

144 Ek het sy manel gedra, die laaste manel wat hy aangehad het, 'n kleed. Ek het in sy preekstoel gestaan waar hy elke oggend om vyfuur vir vyftien honderd gepreek het. Het in die kamer gekniel en God gedank vir sy lewe, die einste kamer waarin hy dood is. Daarbinne, met die Gees op my, het ek gedink: "Ja, Wesley was getrou."

145 God se heilige Engele, en God, het 'n konferensie gehou, dat dit tyd was om heiligmaking te preek, en hulle het Wesley gekies. En hy was daaraan getrou.

146 Toe het die Pinksterbeweging aangebreek. Dit was tyd vir 'n Pinksterherstel. Daar is 'n konferensie in die Hemel gehou. "Is dit tyd dat die volheid van die Gees uitgestort word?" En Dit het geval, en hulle het Dit gepreek. En ons het Dit gekry, en het die Heilige Gees ontvang.

147 Nou ek glo dat ons by 'n ander konferensie is, dit is die Koms van die Seun van God. Hy het vir Sy dissipels gesê: "Ek ken nie die minuut of uur nie; niemand weet nie, nie eers die Engele nie. Maar daar sal eendag 'n konferensie wees," anders gestel: "en die Vader sal die oomblik dat Ek sal terugkom, bepaal." Ek glo daardie konferensie is aan die gang. Die besluite word geneem.

148 Sy Gees kom na die aarde, so sterk, dat Dit in die gemeente sal staan, die gedagtes van die verstand sal onderskei. Soos die Bybel gesê het: "Die Woord van God is skerper, kragtiger as 'n tweesnydende swaard, dring deur selfs tot die murg van die been, en 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart."

149 Toe Filippus gekom het en bekeer is, en Natánael gekry het. En Natánael is gebring, die Jood, daar voor Jesus. En hy het hom van Hom vertel, gesê: "Wel, Natánael, sowaar, 'n paar dae gelede het 'n ou ongeletterde visserman na Hom gekom, en Hy het geweet. Hy het sy naam genoem, vir hom gesê wie hy was. Weet jy nie, daardie Messias wat ons profeet gesê het sou kom, besef jy nie dat daardie Messias 'n profeet sou wees nie, 'n God—Profeet? Daar is Hy. Dit is Hy."

150 Natánael moes gesê het: "Ek glo dit nie. Ek sal self gaan kyk." Maar toe Hy in die Teenwoordigheid van Jesus ingestap het, het Jesus gesê: "Aanskou 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie."

151 En toe Hy dit gedoen het, het hy gesê: "Wanneer het U my geken, Rabbi?"

152 Het gesê: "Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

Hy het gesê: "U is die Seun van God. U is die koning van Israel."

153 Toe die vrou van Samaría, wat vyf mans gehad het, na Hom gekom het. En sy gesê het . . . Toe sy haar water begin skep het, het sy hierdie Jood sien sit. Hy het gesê: "Bring vir My water om te drink."

154 Sien, Hy was dors soos 'n Mens. Hy was 'n Mens. Na Sy liggaam was Hy 'n Mens. Na Gees, was Hy God. "God het in Christus gewoon, die wêreld met Homself versoen."

Het gesê: "Bring vir My water om te drink."

155 Sy het gesê: "Wel, dis nie gebruiklik nie." Met ander woorde: "Ons het 'n apartheid. Behoort my dit nie te vra nie."

Hy het gesê: "Maar as jy net geweet het met Wie jy praat."

156 O, ek wonder vanmôre, of ons weet wat in hierdie vertrek is. As ons maar geweet het dat die Heilige Gees, Self, die Een wat vir ons of teen ons sal getuig by die Oordeelsdag, net hierbinne die vertrek is, en ons gedagtes ken.

157 "As jy maar geweet het Wie dit is wat met jou praat, sou jy My om water om te drink gevra het."

Sy het gesê: "Die put is diep."

158 Hy het aangehou om met haar te praat totdat Hy haar gees agtergekom het. En Hy het gesê: "Gaan haal jou man en kom hierheen."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

159 Het gesê: "Jy het reg gesê. Jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef is nie jou man nie."

160 Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou ons weet, wanneer die Messias kom, sal Hy hierdie dinge doen. Maar Wie is U?"

161 Jesus het gesê: "Ek is Hy." O, goeiste! "Ek is Hy, wat met jou praat." Net 'n Mens, wat water vra om te drink, nie 'n groot bloemryke iets uit die Hemel nie. Nie die Wit Troon wat daar sit nie, maar 'n Mens. [Broer Branham klop vier maal op die preekstoel—Red.] Wat vra vir water om te drink, om Sy dors te les! "Ek is Hy wat met jou praat."

162 En sy het in die stad ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man Wie my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die teken van die Messias nie? Is dit nie Hy nie?"

163 Daardie selfde Een is geprofeteer, met die profete destyds in die Ou Testament. Gesê: "Dit sal 'n dag wees wanneer hulle net andersins by die kerk sal aansluit, en kerk toe gaan en redelike goeie mense wees. En hulle sal organisasies en dinge hê. En dit sal 'n droewige dag wees, nie donker of Lig nie. Maar in die aandtyd, sal dit Lig wees." Daardie profesieë moet vervul word.

164 Julle onthou, gisteraand, ons konferensie in die Hemel? God het al die Engele nader gebring, rondom, om 'n konferensie te hou, wat Hy die profeet se woord kon laat gebeur, Elía uitbring . . . of ek bedoel Agab daarbuite, om hom dood te maak.

165 Nou is daar 'n konferensie wat aangaan in die Hemel. Die Aandligte is hier. Atoombomme en dinge hang oral, en ons is aan die endtyd. Wêreldkonferensies het aan 'n einde gekom. God se konferensietyd kom. [Broer Branham klop vier maal op die preekstoel—Red.] Hierdie Woorde moet vervul word aan die Heidene. [Broer Branham klop agt maal.] "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Die tyd is hier. Die konferensie is gehou. Die Gees is hier.

166 Nou, vriend, ter afsluiting, sal ek dit sê. Jy is by 'n konferensie, vanmôre. Jy is. En jou saak is gereed om bepleit te word. Jou—jou saak van siekte is gereed om bepleit te word voor 'n genadige God. Jou sondesaak is gereed om bepleit te word voor 'n genadige God, en wees seker dat jy dit aanvaar.

167 Want, laat ek jou sê, ek gaan praat van die laaste konferensie wat ooit gehou sal word. God wees genadig. Net een ding sal Daar staan: versoen. Dis die Oordeel. En die enigste ding waardeur jy versoen sal word, is wanneer jy die Bloed van Jesus Christus aanvaar het, as jou vergifnis, en gevul is met Sy Gees. Daar's 'n konferensie waar elke man sal ontmoet, elke vrou sal ontmoet, elke kind sal ontmoet. Daar's 'n plek gekies waar daardie konferensie gehou sal word, en daar sal 'n groot Wit Troon Oordeel wees. God het Sy profete toegelaat om in te kyk, en gesê: "Die Boeke is geopen, en nog 'n Boek, wat die Boek van die Lewe is. Tienduisende maal tienduisende van predikers en Engele het Hom bedien."

168 Dan, dit is geskryf: "As die regverdige skaars gered word, waar sal die sondaar en die goddelose verskyn?"

169 Waar sal jy staan by daardie konferensie? Jy mag hulle almal verbygegaan het, af deur jou lewe. Jy mag by hierdie deur uitloop, vanmôre, en by hierdie een verbygaan. Maar, my vriend, jy sal nooit by daardie een verbygaan nie. Jy gaan Daar wees. "Want dit is eenmaal bepaal vir 'n mens om te sterf, maar daarna die Oordeel." Daar sal die groot konferensie wees waar ons almal

bymekaar staan. En ons sal rekenskap gee vir vanmôre, van hierdie aardse konferensie wat ons vanmôre gehou het.

170 As jy 'n sondaar is, aanvaar Sy genade terwyl ons bid, soos julle julle hoofde buig.

171 Net voordat ons bid, en julle met julle hoofde gebuig, ek wonder, vanmôre, terwyl jy in hierdie konferensie sit, of die Heilige Gees nie vir jou gesê het: "Jy is skuldig," nie.

En miskien sê jy: "Heilige Gees, U sien, dis soos *dié*."

172 Dis wat Moses gesê het by die Rooi See konferensie. "Dis soos dié, Here. Ek het sover gekom, maar ek kan nie enigsins verder gaan nie. Daar's iets in my pad."

173 Daar mag iets in jou pad wees. Maar, onthou, God het vir Moses gesê: "Gaan, praat met die kinders van Israel, en gaan vorentoe."

174 Sou jy onthou wou word in 'n woord van gebed, sal jy jou hande opsteek en sê: "Bid vir my, broer." God seën jou. Goeiste! Reg oor die gebou, dosyne hande.

175 Hemelse Vader, met hierdie gebreekte stem, redelik stukkend, van preek, maar op een of ander manier, het die groot Heilige Gees die mense die gedagte gegee wat bedoel was. Toe, die profeet het gesê: "Kom nou, laat ons dit uitpraat, sê die Here."

176 "Nou kom, laat ons 'n konferensie met mekaar hou, reg in die sitplek waar ons sit. Ek sit hier, langs jou. Ek praat met jou."

177 "Maar, Here, ek het gesondig," sê die sondaar. "Ek het soveel gedoen. Ek—ek kan nie glo U kan my vergewe nie, Here. Ek's 'n dronkaard. Ek's 'n prostituut. Ek's, o, 'n ontugtige persoon. Ek glo nie, Here, daar kan enige kans vir my wees nie."

178 Dan hoor ons die pragtige Woorde terugkom: "Al is jou sondes soos skarlaken, hulle sal so wit soos sneeu wees. Al is hulle rooi soos purper; die lewens van baie babatjies neem voordat hulle gebore is, en—en dinge wat verskriklik was. Al was hulle rooi soos purper, hulle sal so wit soos die wol van 'n lammetjie wees." Watter genade! "Laat ons dit uitpraat," sê God nou.

Laat ons kom, hierdie konferensie hou, Here.

179 En U praat met U mense. Hulle steek hulle hande op, wat wys dat U langs hulle sit. Want dis geskryf in die Skrif: "Geen mens kan na My toe kom, behalwe as My Vader hom eerste trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom. En Ek sal hulle ewigdurende Lewe gee, en hulle oprig op die laaste Dag."

180 Nou skenk, Here, dat elkeen wat hulle hande opgesteek het, en hulle wat nie hulle hande opgesteek het nie, waar ook al U klein indiwiduele konferensies gehou word in hierdie gebou op hierdie oomblik, met die mense, mag hulle U vergewingsgenade

aanvaar en gevul word met U Gees, en gewas word in U Bloed. En aan die einde van die pad, mag U sê: "Dis welgedaan, my goeie, getroue dienskneg. Jy was getrou daardie oggend, by Agtste—en Pennstraat, gaan nou in die vreugdes van die Here in, wat voorberei is vir jou vanaf die grondlegging van die wêreld."

181 Here, my God en my Vader, ek vertrou hulle toe aan U. Ek kan nie meer doen nie. Ek is net U prediker, en ek kan nie meer doen nie. Hulle is Uwe. Handel met hulle, Vader, volgens hulle behoeftes, van hulle hart. Ons laat hulle toe. . . of vertrou hulle toe aan U, in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

182 As julle ooit opgelet het, by die tabernakel, laat ek nie mense toe om mense na 'n altaar toe te trek nie. Ek glo nie daarin nie. As God jou nie bring nie, sal dit glad nie help dat iemand anders dit doen nie. "Geen mens kan kom, behalwe as My Vader hom trek nie. En almal wat die Vader. . . " En die Vader trek jou omdat jou naam op die Boek van die Lewe van die Lam is. "En almal wat Hy vir My gegee het, sal na My toe kom." Of jy in jou sitplek is, by die altaar, waar jy ook al is, jy sal kom. Dis presies waar. Jesus het so gesê.

183 So nou, julle dierbare mense wat julle hande opgesteek het, die volgende stap vir julle om te neem, as julle nie gedoop is nie, is om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus tot vergifnis van julle sondes. Dis die dokter se voorskrif, Dokter Simon Petrus, wie die sleutels tot die Koninkryk gehad het, en om jou te vertel hoe om binne te gaan.

184 En op die dag van Pinkster, het hulle gesê: "Wat moet ons doen om gered te word?"

185 Hy het gesê: "Bekeer, elkeen van julle." Dis wat julle pas gedoen het. "Word dan gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergifnis van julle sondes," om die mense te wys, en die wêreld, dat julle glo (dood, begrafnis, opstanding van Jesus Christus) Hy het jou sondes geneem. "Dan sal julle die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe, en julle kinders, aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Volg daardie instruksie.

186 As dit nie by hierdie tabernakel is, by die tabernakel waarna julle gaan, die kerk waarna julle gaan nie, waar dit ook al is, moenie weg bly nie. Gaan sommer vinnig na 'n liggaam van geestelike gelowiges. Gaan na die Gemeentes van God, die kerk van God, die Pinkster Eenheid, die Pinkster Tweeheid, Drieheid, wat ook al dit mag wees. Ek gee nie om waarnatoe jy gaan nie, maar kom gou by 'n kerk. Sit jou gemeenskap daarin. As hulle klein goedjies leer, miskien, wat jy nie; sê jy nie: "Wel, Broer Branham het dit nie so geleer nie." Wel, maak nie enige verskil, in elk geval nie. As jy die Heilige Gees het, gaan voort. Gaan saam met hulle. Gaan vorentoe. Ons—ons gaan in elk geval almal by een kom.

187 Toe Salomo se tempel uitgesny was, oor die wêreld, was dit uitgesny van regoor die wêreld, verskillende eienaardige klippe, en alles anders. Maar toe hulle begin bymekaarkom, was daar nie 'n gegons van 'n saag, of 'n geluid van 'n hamer nie. Veertig jaar in die oprigting van die tempel, het hulle nooit een hamerhou gehoor, of een saaggegons nie. Hulle was almal net reg uitgesny.

188 Al hierdie groot kerke, wat die Heilige Gees het, sal reguit saambeweeg in hulle gepaste plekke, op daardie Dag, in die Liggaam van Christus, vir die Wegraping. So kom net tot waar hulle die Evangelie glo.

189 Nou, my dierbare vriende, ek het nie geweet dat ek soveel van julle tyd geneem het nie. Ek het nie geweet watter tyd ek opgekom het nie. Was dit nege—dertig, of tienuur, of iets? Tienuur. Ek kan nie . . . Is dit daardie, regtig so lank? Ek kon dit skaars glo.

190 Ons het tyd vir net 'n gebed vir die siekes. Ons het hulle dit belowe. Nou, net een minuut. As julle ons net vyftien minute sal gee. Net . . . Ek glo dis vyftien minute tot, so ons sal net daardie vyftien minute neem volgens my horlosie. Luister. Daar is niks . . .

191 Jou eerste plig, wanneer jy siek word, natuurlik, jy gaan na jou dokter. Hy doen alles wat hy kan doen. As hy nie meer kan doen nie, dan het jy 'n reg om na die groot Spesialis te gaan. Nou, ons is nie teen dokters nie.

192 Ek het baie dierbare doktersvriende, wat my vriende is, goeie manne wat in God glo. En ek bid vir hulle, en hulle bid selfs vir my. Dis reg. Hulle kry 'n pasiënt waarmee hulle niks kan doen nie. Baie goeie dokters, natuurlik. Ek hou hulle naam terug. Miskien is hulle nie vervul met die Heilige Gees en dinge nie, maar hulle is goeie manne. Hulle sê: "Broer Branham, daar's niks wat ek kan doen met daardie geval nie; as jy dit sal neem."

193 Ek sê: "Stuur dit oor. Laat my . . . Ek kan dit nie doen nie. Ek laat dit toe aan Jesus, vertrou dit toe aan Jesus Christus, laat Hom dit doen." Sien? So dis gaaf.

194 Maar, kyk. As daar enige genesing is wat ooit plaasvind, sal Christus die Een wees wat dit doen. Die dokter kan 'n obstruksie uithaal, 'n tand trek, of—of 'n plek afsny, 'n blindederm uithaal, neem, 'n kanker afsny, 'n vrat afsny, of opereer; of vir iets anders, gif in jou sit, om kieme dood te maak. Maar daar's niks anders behalwe God wat kan genees nie, want dit moet 'n skepping wees, dit teruggroei. En geen medisyne sal skep nie. Sien? Daar's net een Skepper, dis God. Dan, Psalms 103, sien. Al die Skrifte is waar. "Ek is die Here, Wat al jou krankhede genees." Daardie sê nie die dokter het nie 'n deel daarin nie. Ja, hy het. As ek my arm breek, is my plig om na 'n dokter toe te gaan wat weet hoe om daardie arm te spalk, maar hy kan nie daardie arm genees nie. Hy kan dit net spalk, die bene terugplaas in 'n plek. En

dan verskaf God die kalsium ensovoorts, en skep die materiaal, daar binne—in my arm, wat dit weer aanmekaar groei. God is die geneesheer. Sien?

195 Nou, ons het hierdie week gepreek. Die Joodse gebruik vir mense, in die Joodse tyd, was om te gaan, hande te lê op die siekes. Dis wat hulle gedoen het. Alles was oplê van hande. Dit was 'n Joodse gebruik. Maar dit was nooit op daardie manier met die Heidene, ooit nie. Toe Jaïrus se dogter, 'n Joodse priester, toe sy gesterf het, het hy aan Jesus gesê: "Kom, lê U hande op my kind, en sy sal lewe. Lê jou hande daarop."

196 Maar toe Hy na die Romeinse hoofman oor honderd gegaan het, het hy gesê: "Ek's nie waardig dat U in my huis inkom nie. Staan daarbuite waar U is, en spreek net die Woord." Hy het die gesag wat Jesus gehad het, besef. Hy het gesê: "Ek's 'n man onder gesag, ek het 'n. . . " Hy was 'n hoofman oor honderd. Dit het beteken—dit het beteken 'n honderd man onder hom. Hy het gesê: "As ek vir hierdie man sê: 'Doen *dit*,' doen hy dit. En daardie man 'doen *dat*,' doen hy dit." Hy het gesê: "En U het die gesag oor elke siekte, en elke beproewing, en alles. Hulle is almal onder U bevel. U is die groot Bevelvoerder." O, ek hou daarvan.

197 Dit het selfs die hart van Jesus aangeraak. En Hy het toe omgedraai, na die Joodse volk, en gesê: "Ek het nie sulke geloof soos daardie in Israel gevind nie."

198 Die Siro—Feniciese vrou, 'n Heidense Griek, het na Hom toe gekom en gesê: "Here, ek het 'n kind wat hieronder lê, wat die Duiwel haar op verskeie manier pla." Sy was waarskynlik 'n epileptiese of een of ander soort kranksinnigheid. Gesê: "Sy's in 'n vreeslike toestand. Sal U haar genees?"

199 En Hy het haar geloof beproef. "Wel," het Hy gesê: "dis nie mooi om die kinders se brood weg te neem en vir die honde te gee nie." Noem haar 'n hond. En in daardie dae, was 'n hond een van die. . . omtrent soos 'n vark, die laagste ding wat daar was. Gesê: "Dis nie mooi vir My om die kinders se brood weg te neem en dit vir julle honde te gee nie."

200 Sy het gesê: "Dis die waarheid, Here." O, ek hou daarvan. "Dis die waarheid." Gesê: "Maar, U weet, die honde, onder die tafel, eet die kinders se krummels." Dit het Hom aangeraak.

Sy het, soos jy die ander dag, Hattie, die regte ding gesê.

201 Hy het omgedraai en Hy het gesê: "Ter wille van hierdie woord, het die duiwel jou dogter verlaat." Hoef nie na haar toe te gaan en hande op haar te lê nie.

Op die Pinksterdag, toe die Heilige Gees geval het. . .

202 Filippus het afgegaan na Samaría. Hulle was half—Jode, so, toe hy afgegaan het, moes hy hande lê op hulle, om die Heilige Gees te ontvang. Die Heilige Gees het nog nie op enige van hulle gekom nie, so hulle het gestuur en vir Petrus gekry. Hulle was

gedoop in die Naam van Jesus, so hulle het opgegaan en Petrus en Johannes gekry, by Jerusalem, by die hoofkwartiere. En hulle het afgekom en hande op hulle gelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang. Toe het Petrus opgegaan na die huis van Cornelius. . . Sien, hy moes hande op hulle lê. Kyk, Handelinge 19, toe daardie klomp Jode by Efése, hy moes hande op hulle lê, dat hulle die Heilige Gees ontvang.

203 Maar, terwyl hy by Cornelius se huis is: "Terwyl hy hierdie Woorde spreek, het die Heilige Gees op hulle geval." Geen oplê van hande nie. Die Heilige Gees het geval toe hulle die Waarheid gehoor het. Hulle was honger en het Daarvoor gewag.

204 Is julle so honger vir genesing, vanmôre? Laat die Heilige Gees dan spreek, as Jesus dieselfde is gister, vandag en vir altyd. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Het Hy gesê: "Die werke wat Ek doen sal julle ook"? ["Amen."] Hoe het Hy Homself aan die mense verklaar, as hulle Messias, die Joodse Messias? Hoe het Hy dit gedoen aan die Jode? Deur hulle die geheim van hul hart te vertel. Hulle het Hom, die Messias, herken. Hoeveel weet dis waar? ["Amen."] Sekerlik.

205 Toe die Petrus gekom het, en Hy gesê het: "Jou naam is Petrus." En gesê. . .Of: "Jou naam is Séfas." Gesê: "Jy sal Petrus genoem word. Jou vader se naam was Jonas." Dit het dit afgehandel. Hy het geweet dit was die Messias.

206 Toe Filippus gegaan het en Natánael gevind het, het Hy gesê: "Jy's 'n. . .Jy's 'n goeie, eerlike man."

Hy het gesê: "Nou, Rabbi, wanneer het U my geken?"

207 Gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Vyftien myl om die berge, 'n dagreis: "Ek het jou gesien."

Hy het gesê: "U is die Seun van God, die Koning van Israel."

208 Hy het afgegaan na die Samaritane. Hy moes verbygaan. Hoekom? Hy het afgegaan na die Samaritane. En daar was 'n Samaritaanse vrou, en so het Hy gedink Hy sou haar net die teken van die Messias gee. En Hy het gesê: "Gaan kry jou man en kom hier."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Hy het gesê: "Jy het reg gesê, want jy het vyf."

209 Sy het gesê: "Meneer," met ander woorde soos hierdie: "ons het gesoek na 'n Messias wat moes kom, en Hy gaan 'n God-Profeet wees. En ons weet, wanneer Hy kom, sal Hy ons hierdie dinge vertel. So, U moet een of ander soort profeet wees."

Hy het gesê: "Ek's die Messias. Ek is Hy waarvan jy praat."

210 Sy het daardie waterpot gelos, 'n prostituut en desperaat, watter toestand sy was, en in die stad ingehardloop, en aan

daardie manne gesê: "Kom, sien 'n Man Wie my vertel het wat in my hart is. Is dit nie die Messias nie? Is dit nie die Messias nie?"

211 Nie een keer was dit ooit gedoen aan die Heidene nie. Nee, meneer. Hierdie is hulle dag, wanneer die Aandligte.

212 Die Jode is in 'n volk nou, om die wêreld te beheer. Eenkeer het hulle. Hulle kom terug. Hou daardie vyeboom wat sy botsels voortbring, oorkant. Hou julle die Jood dop, waar ook al hy is, God se kalender, julle sal uitvind. Hy sal nooit Israel versaak nie. Maar Israel moes verblind word. Ek sê dit nie ter wille van hierdie Jodin wat hier sit nie. Maar Israel moes verblind word, om ons sodoende 'n kans te gee. Het hulle lief. Moet julle nie bekommer nie, hulle sal weer blom. "Wat die bladwurm gelos het, het die rusper geëet. Wat die rusper gelos het, het die sprinkaan geëet. Maar Ek sal herstel, sê die Here." Dit was net geëet, vir 'n tyd, sodat ons ingebring kon word. Ons oë is oop.

213 Nou wat is dit? Ons dag is aan die eindig. Die Jode begin weer bymekaarkom, soos God gesê het. En die Aandligte skyn. Waarop? Waar skyn die Ligte in die aand? Op die Weste. Dit het geskyn op die Ooste, by die Jood, die oosterse mense, aan die begin. Dit was 'n donker dag van denominasies ensovoorts, maar die Aandlig sal skyn op die Heidene, die westelike halfrond. Hier is ons nou, aan die einde. Ons—ons is aan die Weskus. As jy enigsins verder gaan, gaan jy weer terug Ooswaarts. Beskawing het daardie kant toe beweeg. So, die Aandligte skyn: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

Laat ons bid.

214 Nou, Here, hierdie is almal Uwe. "Woordgeloof kom deur die aanhoor, aanhoor van die Woord van God." En, God, U manifesteer U Woorde, om aan die mense te bewys dat U God is. Nou laat dit bekend word, vanmôre, dat U God is, en ek U dienskneg is, wat hulle die waarheid van Ewige Lewe vertel. Deur Jesus Christus ons Here, bid ons. Amen.

215 Ek glo, Billy het my daarbuite vertel, dat daar 'n—'n groot klomp gebedskaarte, baie mense hier was. Ons kan hulle nie almal boontoe bring nie, julle weet dit, om dit te—om dit te bewys, of net sodat julle kan sien. Nou, God hoef dit nie te doen nie. En almal weet dit?

216 Jesus hoef nie enigiemand te genees het toe Hy op aarde was nie. Het julle dit geweet? Maar Hy het, dat dit vervul mag word wat deur die profeet gespreek is. Is dit reg?

217 Hy doen dit, dat die Woord vervul mag word: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die Koms van die Seun van die mens."

218 Julle let op, hulle het Billy Graham en Oral Roberts gehad, hulle, in die dag van Sodom. Manne soos hulle het afgegaan en gepreek aan die Sodomiete in die stad.

219 Maar die uitverkore Abraham en sy groep was die uitgeroepte groep, buite aan eenkant. Watter soort Engel het agtergebly en vir hulle gepreek? Kyk. Die Man het daar gesit, gesê Hy was 'n Vreemdeling van 'n vreemde land. Stof op Sy klere. Het pas 'n deel van 'n kalf geëet, die melk van die moeder gedrink, 'n paar mieliekoekies geëet, saam met Abraham. Terwyl, miskien het hy die vliegbos gehad, die vlieë weggewaai, terwyl hy dit gedoen het. Daar gesit, en geëet. En nadat Hy vertrek het . . . Abraham het Hom genoem: "Elohim, die Almagtige." Maar Hy was 'n Man; God in Sy mense. Nou kyk wat Hy gedoen het, hoe Hy weet. Hy het daar gesit en met Abraham gepraat. Hy het gesê . . . Nou, eerste keer wat Hy Abraham ontmoet het, eerste keer wat Abraham Hom gesien het, en bewustelik.

220 En hierdie ander manne sou in Sodom ingaan. En hulle het soontoe gegaan en gepreek, en die mense verblind. Is dit nie wat die preek van die Evangelie doen, die ongelowige verblind nie? Let op.

221 Maar hierdie Een het daaragter gestaan saam met die uitverkore Kerk, Abraham en sy groep, die besnedenes, die egtes. Hy het gesê . . .

222 Lot was die—die een wat woon in die stad, en groot tye het. En kyk hoe sy dogters was, en hoe sy seuns was, en alles. Dis net soos die wêreld vandag, Sodom, sonde en alles. Dis die kerk, vleeslik.

223 Maar die Kerk, geestelik, is die uitgeroepte groep, afgesonder. Watter soort Engel het na hulle toe gekom? Nou laat ons dit dophou. Nou, onthou, julle Here het gesê: "Soos dit toé was, so sal dit wees by die Koms van die Seun van die mens." Jesus het so gesê. "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit faal nie." Nou luister aandagtig, en wees stil.

224 Nou, hierdie Engel het met Abraham gepraat. Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?" Hoe het Hy geweet hy was getroud? Hoe het Hy geweet hy het 'n vrou gehad? En hoe het Hy geweet haar naam was Sara? Vreemd, was dit nie?

En Abraham het gesê: "Sy is in die tent, agter U."

225 Hy het gesê: "Abraham, omdat—dat jy God glo, en jy erfgenaam van die wêreld gaan wees, gaan al die Heidene en almal in die Koninkryk ingebring word deur jou Saad. Maar jou . . . Die belofte is aan jou gemaak. Ek sal nie weerhou enige belo— . . . enigiets van jou wegsteek nie, Abraham." O, ek hou daarvan. "Ek sal nie dit van jou wegsteek nie, Abraham. Maar jy het My geglo, vir daardie babatjie, vir vyf—en—twintig jaar. Nou is jy 'n honderd jaar oud, en sy is negentig. Maar, Abraham, volgens die tyd van die lewe . . . " In 'n gemengde gehoor, julle weet wat ek bedoel, die agt—en—twintig dae. Sy het gestop, vyftig jaar, of meer, ja, sestig jaar tevore. Gesê: "Volgens die tyd van

die lewe met Sara, gaan Ek jou weer besoek, en jy gaan daardie babatjie bring."

226 En Sara, agter Hom, in die tent, flappe toe, het by haarself gelag. Net . . . [Broer Branham maak 'n stil lag na—Red.] En sy het by haarself gesê: "Kon ek plesier hê met my heer?" Wat noem jy jou man? "Sal ek weer plesier hê met my heer, siende dat ek oud is, en hy's ook oud?"

227 En die Engel, met Sy rug gedraai, het gesê: "Hoekom het Sara gelag? Wat het haar laat lag?" Sien julle nie? Watter soort Gees, watter soort Engel, was daardie, wat daardie uitverkore Kerk daar besoek het?

228 Nou, Jesus het gesê dieselfde ding sal plaasvind net voor Sy Koms. Dit sal 'n teken van Sy Koms wees.

229 Laat ons 'n gebedslyn roep. Hy het die belofte gemaak. Hy hou dit. Nou, daar, iewers daarlangs, moet ek vyf of ses mense oproep, soveel soos hier kan staan. Die res van julle almal glo net. Kyk. As julle nie 'n gebedskaart het en hier opkom nie, beteken dit nie een ding nie. Ek daag julle uit. Hier's wat . . .

230 Hier's wat die Saad van Abraham gedoen het, Jesus, toe Hy op aarde was.

231 Eendag, het Hy deur 'n skare mense gegaan. En almal van hulle het gesê: "Hello, Rabbi. Goeie môre, Dokter. Hoe gaan dit met U, Eerwaarde? Bly om U te ontmoet, Eerwaarde. Bly om U hier oorkant te hê. Gaan 'n diens hou terwyl ons hier oorkant is?"

232 'n Arme klein vroutjie het 'n behoefte gehad, so sy het deur die skare geglip en Sy kleed aangeraak. Want sy het by haarself gesê: "As ek net daardie heilige Man aanraak." Sien? Haar geloof. Sien? "As ek Hom aanraak, sal ek genees word." So sy het Hom aangeraak, en sy het weer uitgegaan in die skare. Sy het gesê: "O, ek is seker ek's genees, want ek glo dit. Ek het dit geglo. Ek weet ek is genees. Ek—ek glo net die bloedvloeïng stop nou op die daad. Ek glo dit net."

233 Jesus het gestop, gesê: "Sê, wie het My aangeraak?" Wat 'n vraag!

234 Petrus het gesê, ander woorde: "Here, wat makeer U?" Die Bybel het gesê hy het Hom bestraf. Gesê: "Wat bedoel jy daarmee? Wel, almal raak U aan? Hoe sê U . . . U, die Messias, is U nie bang U gaan Uself weerlê hier voor hierdie mense nie: 'Wie het My aangeraak?' En ek wed daar was vyfhonderd wat U in die laaste minuut aangeraak het. Waarvoor sou U sê, so 'n ding soos daardie?"

235 Hy het gesê: "Maar hierdie was 'n ander aanraking. Ek het agtergekom Ek het swak geword." Deug, almal weet deug is krag. "Ek het swak geword. Krag het uit My uitgegaan."

236 En Hy het omgekyk, omgekyk. Sien, daar is geloof daarbuite, iewers. Hy het omgekyk, en die klein vroutjie gekry. Die Heilige

Gees wat in Hom was, in die volheid, het Hom reguit na daardie klein vroutjie gelei. Die bloedvloeïng wat sy gehad het, Hy het gesê: "Jou geloof! Nou, Ek het jou nooit genees nie. Ek het nooit enigiets daarmee te doen gehad nie, maar jou geloof," (in Wie?) "in God, Wie Ek verteenwoordig, jou geloof het jou genees."

237 Nou, die Bybel het gesê dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Dis, dieselfde in beginsel, dieselfde in krag, dieselfde in gesindheid. Dieselfde God wat in Christus gelewe het, lewe in die Kerk, nie soveel Daarvan nie. Hy het gehad sonder maat, ons het Dit in maat. Maar as jy 'n teelepel water gehad het, uit die oseaan, is dieselfde chemikalieë wat in die hele oseaan was, in die teelepel. Onthou dit. Dis reg. Dis dieselfde God.

238 Nou, die Bybel het gesê, in Hebreërs, hy het gesê: "Jesus Christus is nou op die oomblik die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, as Hy dieselfde Hoëpriester is, sou Hy nie op dieselfde manier optree as Hy aangeraak was nie? ["Amen."]

239 Wat is ons? Sy mondstuk. Ons onderwerp onsself aan Hom, en ons Woorde is nie ons woorde nie. "Moenie nadink oor wat julle sal sê nie, want dis nie julle wat spreek nie. Dis die Vader wat in julle woon. Hy spreek."

240 Iewers, waar was dit, Billy, een tot vyftig, of een tot 'n honderd? [Broer Billy Paul Branham sê: "Honderd."—Red.] Een tot 'n honderd.

241 Gewoonlik, dring mense vir die eerste kaart, so ons sal dit alleen laat vir 'n oomblik. Laat ons by 'n snaakse nommer begin, laat ons sê, dertig. Wie het gebedskaart dertig? Steek jou hand op.

242 Wat's—wat's die letter? [Broer Billy Paul sê: "B."—Red.] B. B dertig. Goed.

243 Kyk in julle sakke, haal uit julle gebedskaart. En as daar . . . ['n Broer sê: "Net daar."—Red.] Wel, luister, as daar nie 'n dertig is nie, wel, dan sal ons iewers anders begin. Ons sal—ons sal begin by . . . [Broer Billy Paul sê: "Net daar, aan die agterkant."] Sê wat? [Broer Neville sê: "Daar is hy." Broer Billy Paul sê: "Agter, aan die linkerkant."] O, ek's jammer. Ek's jammer. Goed. Kom hier, meneer.

244 Een—en—dertig. Wie het gebedskaart een—en—dertig? Sal jy jou hand opsteek, een—en—dertig. Kom reguit hiernatoe, meneer. Twee—en—dertig.

245 [Leë kol op band—Red.] . . . het met hom gepraat. Ek ken nie eens sy naam nie. Maar ek . . . En, eerlikwaar, ek—ek weet nie wat's verkeerd met hom nie. God weet dit. Ek kon julle nie sê wat verkeerd is met hom nie. Maar ek dink die res van hulle is almal vreemdelinge vir my. Ek ken hulle nie.

246 Hoeveel hierbuite wat weet ek weet nie enigiets van julle nie? Steek julle hande op. Ja, meneer. Nou, die Bybel het gesê: "Wanneer die Heilige Gees kom, sal Hy . . . " Eerste ding wat die Heilige Gees sal doen! Wat? "Hierdie dinge aan julle openbaar, wat Ek geleer het." Is dit reg? Wat sal Hy dan doen? "Dinge wys wat moet kom, 'n Openbaarmaker wees van die geheim van die hart." Hy sou dieselfde werk doen wat Jesus gedoen het.

247 Nou, hoeveel glo dat Jesus die plan van verlossing en genesing by Golgota voltooi het? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik. So, wat dit betref, is dit alles verby, is dit nie? ["Amen."] Dis alles verby.

248 Maar die enigste ding wat Hy kan doen, is om jou te skok, of om jou te bring na 'n besef dat Hy steeds God is en steeds Sy belofte hou. So, deur dit te doen, salf Hy predikers. Dis hierdie goeie manne wat hier rondstaan, en baie daaragter. Hy salf hulle om te preek. Ek's 'n swak plaasvervanger vir 'n prediker. Hy het my *hierdie* gegee, vir my prediking, julle sien, in stede. Want, ek's ongeleerd en weet niks nie, julle weet wat ek bedoel, om 'n geleerde of enigiets te wees, of 'n student. Maar Hy gee hierdie manne geleenthede om dit te doen, en hulle gaan daar op onder inspirasie en preek. O, hulle kan meer in vyf minute sê as wat ek in 'n uur kan sê, want, onder die inspirasie, net soos 'n kanon of 'n masjiengeweer, Dit vinnig indryf, soos 'n sterthamer wat indryf. Sien? Wees . . .

249 Sien, my gawe is iets anders. Ek moet my tyd neem en bestudeer wat, en wag en kyk wat die Heilige . . .

250 [Leë kol op band] . . . dit alreeds afgehandel. Maar net een of ander manier om hom te laat glo, om te weet dat Jesus hier is.

251 Nou wat het Jesus gesê? "Die teken, soos by Sodom was, so sal gedoen word in die laaste dae." "Die werke wat Ek doen," wat wys dat Hy die einste Een was wat by Abraham was. "Voor Abraham was, IS EK." Hy was daardie Engel. En hier Hy . . . Hier is Hy, hier vanmôre, dieselfde Engel wat in ons woon.

252 Nou, die man mag 'n—'n bedrieër wees. Hy mag 'n skynheilige wees. Hy mag 'n ongelowige wees. Hy mag 'n—'n heilige wees. Hy, ek weet niks van hom nie. Hy staan net daar. Maar as die Heilige Gees sal kom en openbaar, aan hom, laat hy dan die regter wees van dan af. Hy weet. As die Heilige Gees vir hom kan vertel wat in sy lewe was, sal Hy sekerlik, as dit waar is, hy kon glo wat in sy lewe sal wees. Is dit reg? As Hy kon sê wat was, wat van wat sal wees? Nou, Hy sal weet of dit reg is of nie, of dit was.

253 Doktor, jy glo dit. Jy en moeder, albei. Jy glo dit. En die ander doktor, wat daaragter sit, ook, van Springfield, Missouri. Sien? Die Heilige Gees is nou hierbinne.

254 Gryskop man daar, wat buite by die Alben Motel hierbuite bly. Jy ly aan iets in jou sy. [Die broer sê: "Dis reg."—Red.] Jy's

nie van hier, om mee te begin nie. Jy's van Kanada. ["Ja. Dis reg."] Brits—Columbië. ["Dis reg."] Vancouver. ["Dis reg."] Jy kom van Finland. ["Ja."] Kiitos.

[In Fins, beteken *kiitos*: "Dankie."—Red.]

255 [Die broer sê: "Kiitos, en God seën jou."—Red.] God seën jou. Gaan huis toe; jy's gesond. Jesus Christus maak jou gesond. ["Amen."]

256 Glo jy? Ek ken nie die man nie. Ek weet nou nie wat ek vir hom gesê het nie. Dit was die Heilige Gees wat gepraat het.

257 Nog 'n vreemdeling. Ek ken nie die man nie, hom nooit in my lewe gesien nie. Ek neem aan ons is vreemdelinge. Is dit reg, meneer? [Die broer sê: "Reg. Dis reg."—Red.]

258 Ek het nooit die man gesien nie, weet niks van hom nie. Nou wees baie eerbiedig. En as ek niks van die man weet nie, en die Here sal my iets van hom vertel, dan sal dit sekerlik bevestig dat dit iets meer as 'n mens neem om dit te doen. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou as julle net baie eerbiedig sal wees, en dophou, en versigtig wees. En wanneer die Heilige Gees oor julle trek soos daardie, aanvaar Dit. Glo Dit met julle hele hart.

259 'n Vreemdeling. [Die broer sê: "Ja, meneer."—Red.] Eerste ding, jy soek redding. Jy's 'n alkoholis. ["Dis reg."] Dis presies reg. ["Dis reg."] Jy's nie van hierdie stad nie. Jy kom van 'n ander stad, 'n Indianastad. Ja. Ek glo dis New Castle, iets soos daardie. ["New Castle. Dis reg. Ja, meneer."] Presies. Uh—huh.

260 Jy's saam met, op een of ander manier. Ek sien iemand se . . . Jy's saam met 'n vrou. Dis verbind . . . Waar is Lyle Woods? Dis sy vrou. [Die broer sê: "Dis reg."—Red.] Sy's nou hier. ["Dis reg."] Sy wil ook voor gebid word. Ja, meneer. Glo jy God kan my vertel wat jou probleem is? ["Ja, meneer."] Hartprobleem. Sy glo met haar hele hart, sy kan genees word.

261 Ek bestraf daardie duiwel in jou, wat jou laat alkohol drink. Gaan huis toe, in die Naam van Jesus Christus, en moet dit nooit weer drink nie. Word gedoop in Sy dierbare Naam, wat die sondes wegneem. En ek bestraf die duiwel. Mag hy uit jou uitgaan. Amen.

262 [Die broer sê: "Dankie, broer."—Red.] Gaan aan. God seën jou, meneer. Jou sondes is nou vergewe. Gaan, en moenie meer sondig nie.

263 Hê geloof in God. Moenie twyfel nie. Glo met alles wat in jou is.

264 Ons is vreemdelinge vir mekaar, jong dame. Glo jy Christus ken ons albei? Hier is soos die vrou by die put, en ons Verlosser. Jy's nie sy nie, en ek's ook nie Hy nie. Maar Sy Gees lewe vir altyd. Die vrou, hierdie jong vrou wat hier staan, het . . . As julle Dit kan sien, tussen my en haar, is hierdie Lig van die Engel wat hier staan. Maar net oorkant dit is 'n skaduwee, en daardie skaduwee

is dood, duisternis. Dis 'n kanker. Die kanker is geleë, rektum. [Die suster sê: "Dis reg."—Red.] Jy's ook nie van hierdie land nie. Jy's 'n Kentuckiër. ["Dis reg."] Van LaGrange, Kentucky. ["Dis reg."] Dis reg. Mev. Johnson, sê jou wat. As jy sou glo, met jou hele hart, gaan huis toe, en Jesus Christus maak jou gesond. Glo jy dit? ["Ek glo."]

265 Ek bestraf die duiwel wat die lewe van hierdie vrou wegneem. Op grond van die opstanding van Jesus Christus, daag ek Satan nou uit, en vertel hom dat hy 'n verslaande wese is, dat Jesus Christus hom verslaan het by Golgota. En as God se dienaar, onder die salwing van die Heilige Gees, dat, die opdrag wat aan my gegee is deur 'n Engel, bestraf ek hierdie duiwel, vir hierdie vrou se lewe. Laat haar lewe, O Here. Amen.

266 Gaan huis toe, juig en wees bly, met dank aan die Here. Moet nou nie twyfel nie. Moenie 'n twyfel in jou gedagte hê nie.

267 Jy lyk baie opreg en onskuldig daaroor, dame. As jy sal glo, sal daardie klierprobleem waaraan jy ly, gewrigsontsteking, glo dit met jou hele hart, sal dit jou verlaat.

268 Nou, die klein dametjie het Iets net hier gevoel, want daar's 'n gees tussen albei van hulle, julle sien. Jou, joune is ook reg. Glo net, met jou hele hart.

269 En terloops, die klein dametjie daar langs haar. Ja, dis jy wat daar sit, wat opkyk, aan die bid. Uh—huh. Daardie rugprobleem, glo met jou hele hart. En jy, ook, jy het 'n rugprobleem gehad, ook. So gaan nou net op en gaan huis toe, wees gesond.

270 Glo jy, met jou hart? Jy's hier vir jou dogter. [Die suster sê: "Dis reg."—Red.] Jou dogter is geskadu met die dood. ["Dis reg."] Dis 'n kanker. ["Ja."] En haar geestelike toestande is nie te goed nie. ["Dis reg."] Ja, meneer. Sy's net op—en—af, in— en—uit, en rondgespoel. ["Dis reg."] Jy sien daardie sakdoek wat jy in jou hand het? ["Ja, meneer."] Glo jy dis die Heilige Gees wat hier praat? ["Ek glo."] Gee my daardie sakdoek.

271 Here, in die Naam van Jesus Christus, bestraf ek die toestand van haar dogter. Op die woorde van haar moeder, mag dit effektief op haar wees, in Jesus se Naam. Amen.

272 Gaan; moenie twyfel nie. Hê geloof. Sy kan nou huis toe gaan. Sit daardie sakdoek op haar. Glo. [Die suster sê: "Prys die Here."—Red.] Hê geloof in God.

[Broer Branham wag vir vyftien sekondes—Red.]

273 Daar's 'n vrou, as julle haar kan sien. Sy het haar oë toe. Haar sakdoek op, aan die bid, vee haar oë af. Jy het Iets aangeraak, suster. Jy het my nie aangeraak nie, maar jy het Hom aangeraak. Nou, jy het spatare, vroulike probleem, komplikasies van alle soorte. Dit is reg. Is dit nie? Steek jou hand op as dit waar is. Goed. Nou gaan huis toe, word gesond.

274 Wat het sy aangeraak? Ek wil julle vra. Wie, wat het daardie vrou aangeraak? Die Hoëpriester. Kan julle herken? Jesus Christus, die Seun van God, is teenwoordig. "As julle kan glo!"

275 Die Gees is in die gehoor. Wees gelowig. Daardie Vuurkolom wat op hierdie foto hier is, beweeg in die gehoor. Dis 'n vrou wat reguit na my kyk. Dit staan oor haar. Hande op soos *hierdie*, met 'n sakdoek in haar mond. Het probleme met die kop, soort van 'n senuweetoestand van die kop. Dit is reg. Glo jy dat ek Sy profeet is? Glo jy dat dit Christus is wat met jou praat? Gaan huis toe, jy gaan daar oorkom. Glo met jou hele hart.

276 Man wat reg agter haar sit daar, iets anders verbind met hom oor Campbellsville, Kentucky. Uh—huh. Jy het 'n senuweeprobleem, ook; prostaat; hoë bloed. Glo jy met jou hele hart, meneer? As jy glo, steek jou hand op as daardie dinge reg is. Wat het jy aangeraak? Jy het Iemand aangeraak, die Hoëpriester. Gaan, glo, en word gesond.

277 Hier's 'n vrou, soort van geset, wat hier sit met haar hand bo om haar. Ek dink ek ken daardie vrou. Ek het haar iewers gesien. Sy bid. Sy het probleme met haar kop. En onmiddellik toe ek gesê het "kop," aan daardie ander vrou, net 'n paar minute gelede, het dit haar affekteer. Sy het 'n kopprobleem, ook. Ek het die vrou iewers gesien. Ek kan haar nie plaas nie, maar ek het haar gesien. O, ja, ek het. Ek weet nou, selfs geestelik. Sy's Rose Austin, van Louisville, Kentucky. Glo nou. Gaan huis toe, wees gesond.

278 Ek ken jou. Ek ken jou. . . Ek ken jou gesig. Ek was saam met jou, in 'n—'n onderhoud, in 'n karavaan, toe jy die Heilige Gees ontvang het. Dis reg. Hande op jou gelê, en ontvang. Ek weet nou nie wat jou naam is nie, maar ek ken jou. Jy het 'n motorbesigheid. Dis al wat ek weet. Ek het geen idee wat verkeerd is met jou nie. Jy, jy's bewus daarvan. Dis reg. Geen idee nie. [Die broer sê: "Nee."—Red.] As God sal openbaar wat die probleem is, dan kan dieselfde Een wat jou die Heilige Gees gegee het, jou gesond maak, jou die begeerte van jou hart gee. Glo dit? ["Ja, meneer."] Jy's nie hier vir jouself nie. ["Nee, meneer."] Dis nie jou toestand nie. Dis vir 'n geliefde. Dis 'n suster in Virginia. Een of ander soort probleem, soos 'n rug.

279 Jou vrou sit daar. Sy's ook behoeftig. Sy sou glo, die ou hartprobleem en dinge sal haar verlaat. Sy sal. . .

280 Die vrou net hier is verbind met jou. [Die broer sê: "Ja."—Red.] Dis jou ma. ["Ja."] Sy is gepla of sy die Heilige Gees het of nie. ["Ja."] Ook, sy het 'n blaasprobleem wat haar pla, en iets anders. Die dokter daar, soort van 'n sterk kêrel, het gesê: "Dis 'n uitgesakte baarmoeder." Jy was veronderstel om geopereer te word, 'n tyd gelede. *Hy* was die oorsaak dat jy nie geopereer is nie. [Die ma sê: "Ja."] Hy wou hê jy moes hiernatoe kom en voor gebid word. ["Ja. Dis reg."]

281 Die een wat agter haar staan is een of ander familielid. Daardie jong vrou is familie, op 'n manier, maar sy's slegs deur huwelik. [Die broer sê: "Uh—huh."—Red.] 'n Broerskind, deur huwelik. Sy is gepla oor haar verlossing, ook. Dis reg. En sy het diabetes, 'n jong vrou. ["Ja."] Presies waar. Glo jy? [Die suster sê: "O, ja, meneer."—Red.]

282 [Gemeente juig—Red.] Laat ons net ons hande opsteek na God.

283 O Here, Skepper van Hemel en aarde, Bewerker van die Lewe, Gewer van elke goeie gawe, stuur U Teenwoordigheid in die midde van die mense nou. Gee aan hulle die begeerte van hulle harte, Here. Ons dank U hiervoor. Biddend dat U net hierdie mense sal seën en sal gee wat hulle nodig het, deur Jesus Christus ons Here. Amen.

Hoeveel glo? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

284 Ek onthou nie. Maar, op 'n manier, het Dit afgegaan met hierdie lyn, op iemand. Was dit alles waar? Steek julle hande op. Met Wie Dit ook al gepraat het, was Dit waar? [Die indiwidue sê: "Amen! Elke woord daarvan! Alles daarvan was waar!"—Red.] Alles waar. Dan is dit waar dat die Heilige Gees hier is. Is dit waar? ["Amen."] Nou glo my, as Sy dienaar. Ek weet die... Julle is rusteloos. Julle is moeg. Sien? Moenie twyfel nie. Glo nou dat hierdie Hy is. Daardie Rukwind wat gekom het op die Pinksterdag, in die bokamer, dis dieselfde ding wat hierdie mense affekteer het toe dit gebeur het, want dis dieselfde Heilige Gees. Dit beweeg rond, oor julle, elkeen, op hierdie oomblik. Buite, in onder die skare, is die Heilige Gees wat onder julle beweeg. Hoeveel...

285 Ek wil hê julle moet eerlik wees met my, as dit sou wees met hierdie Bybel voor my. Hoeveel voel 'n baie snaakse gevoel, dat Iets pas verbygekom het? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis die Heilige Gees. Dis Hy. Nou glo my. My Woorde is waar. Want, God bevestig Sy Waarheid deur die Bybel, bevestig Dit deur die Krag van Sy opstanding, bevestig Dit deur wetenskaplike navorsing, dan is daar niks anders om Daarby te bewys nie. Hy is God. Dis hier. Dan, hoor my. Ek vertel vir julle die Waarheid. Elkeen van julle is in die Teenwoordigheid van God op hierdie oomblik, om genees te word, die hele groep van julle. Glo julle dit? ["Amen."]

286 Nou ek sê julle wat ek wil hê julle moet doen. Ek wil hê julle moet net, waar ook al julle is, elkeen van julle julle hande lê oorkant op mekaar, sodat julle sal sien dis nie ek nie. Julle—julle is net so effektief. Jy's 'n gelowige. As jy die Heilige Gees voel, is Dit op jou. Miskien nie 'n gawe soos hierdie nie, maar die Heilige Gees is op jou. Iemand, maak nie saak wie dit is nie, lê hande op iemand, en buig dan jou hoof. Lê jou hande op iemand, en buig jou hoof. Ek voel gelei om dit te doen. Ek voel dat dit tyd is vir jou genesing. "As jy kan glo!"

287 O, die Heilige Gees wat beweeg oor die gehoor! Daardie klein kêreltjie oorkant, van Georgia, wat bid vir jou broer wat daaragter oorkant sit; hê geloof, glo. O, dis net oral, net oral.

288 Nou, moenie jy vir jouself bid nie. Bid jy vir die persoon waarop jy jou hande het. Dit sal elkeen van julle vir mekaar laat bid.

289 Nou, Here Jesus, die Seun van God, Wie opgestaan het uit die dood, selfs die dreigemente van Pontius Pilatus en die Romeinse regeringseël kon U nie in die graf hou nie. God, die Almagtige, het afgekom op die dag van die Pase, en die steen weggerol, en die seël gebreek. En U het opgestaan en was by U dissipels, veertig dae, hulle opdrag gegee om in die wêreld te gaan en hierdie dinge te doen wat nou gedoen word. Dit was tweeduisend jaar gelede.

290 Here, U is God. U kan nie faal nie. U is hier. Hierdie konferensie, vanmôre, wat ons gehad het, ons het die saak saam uitgepraat oor hierdie dinge. Ons het die saak uitgepraat dat U God is, uitgepraat, die rede dat U God is, en die rede dat U hier is.

291 En nou het ons 'n opdrag van U, om hande op mekaar te lê. Dis wat U ons beveel het om te doen. U het gesê: "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo. As hulle hul hande op die siekes lê sal hulle gesond word." Dis ons opdrag van die konferensie. Nou, Here: "Gehoorsaamheid is beter as offerande; om te luister, as die vet van die ram."

292 Nou, Here, as U dienaar, gee ek opdrag, en beveel elke duiwel, elke gees, elke siekte, elke beproewing, elke teenstrydige ding wat hierdie mense pla. In die Teenwoordigheid van God, deur die getuienis van die Heilige Gees, deur die opdrag van 'n Engel aan my gestuur, daag ek hierdie gees uit, deur die Woord van God.

293 Hierdie gees van siekte en beproewinge, kom uit die mense uit, in die Naam van die Here Jesus Christus, en laat hulle gesond word. Laat hulle gaan. Satan, jy's net 'n bluf. Ons het jou hand geroep. [Broer Branham klop verskeie keer op die preekstoel—Red.] Die tyd het gekom, wanneer Jesus Christus Homself gemanifesteer het in die Teenwoordigheid van die Heidene. Nou, Satan, jy is verslaan. Eenkeer, het jy die mense vasgehou. Jy het geen wettige regte nou nie. Jesus Christus het jou gestroop van elke reg wat jy gehad het by Golgota. Hy het die volle prys betaal, en gesê: "Dit is volbring." Elke, volledige plan van verlossing, al die genesing, alles was volbring by Golgota. En jy, was weggeneem van jou, alles wat jy eens besit het, deur sonde en deur die val. Nou is ons verlos deur die Bloed van Jesus. [Broer Branham klop een keer op die preekstoel—Red.] En jy kan ons nie langer hou nie. Ons sê: "Verlaat ons, in die Naam van die Here Jesus Christus."

294 Nou hou julle hande op mekaar. Hou aan bid. Hou julle hande; hou aan bid. Elkeen van julle wat net dink: "God is naby. God se Gees is hier. God genees my. Sy goedheid, Sy genade, Sy

goedertierenheid, Sy belofte word werklikheid gemaak in my." Ons kon aanhou preek, vir weke en weke, dit sou nou nie enige verskil maak nie. Die Heilige Gees is hier. Dis al wat Dit kan doen, enige tyd, net hier te wees nou. "Op hierdie oomblik glo ek die Heilige Gees manifesteer aan my, bewys aan my, dat God hier is. Ek glo Hom. Dis 'n voltooide werk. Ek het Dit. Dis my besitting. Ek vul nou met die Heilige Gees. My siektes, my seerkry en pyne, gaan weg. Al my beproewinge gaan weg van my af." Dis hoe om te bid, met jou hoof gebuig, oë toe.

295 *Glo net*, nou. Hou julle hoofde nou gebuig. Ons gaan nou sing, stilweg.

Glo net . . .

296 Van die berg afgekom, epileptiese kind. Die dissipels was daar. Raadpleeg . . .

Konferensie Met God AFR59-1220M
(Conference With God)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagoggend, 20 Desember, 1959, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2003 deur:

AFRIKAANS

©2003 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org